

KOMMISSIE HERVAT 28 MEI 1990PETRUS JACOBUS BOTES nog onder eed:

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, miskien was dit my fout gewees, maar Woensdag het ons verwys na sekere dokumente, een daarvan is die uittreksels uit die polisie-dossier. Ons het u nie gevra om 'n bewysstuknommer daarvoor te gee nie. Die volgende bewysstuknommer glo ons is C40 - is dit 39?

VOORSITTER: 39.

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, aangesien ons verwys het in (10) kruisverhoor na 'n eisbrief en 'n dagvaarding en 'n relaas van betekening het ons 'n bundeltjie saamgestel net van drie dokumente wat miskien vir doeleindes van volledigheid net opgehandig moet word as miskien C40 dan. Dankie.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. VISSER: Mnr. Botes, Woensdag het ons vir u gevra of u enigiemand ken wat 'n rooi Ford Escort-motorvoertuig, DWG591T, bestuur ken. -- Dit is korrek, ja.

Het u oor die naweek gedink of u so 'n persoon ken? -- Ek ken nie so 'n persoon nie. Ek het dit reeds Woensdag gesê. (20)

In u getuienis het u verwys toe u by minister Vlok was, dat u teruggekeer het van Suidwes-Afrika af. Kan u dit onthou? -- Dit is korrek, ja.

Kan u net sê onthou u wanneer u teruggekeer het in verhouding met 29 Augustus? -- Ek het die oggend wat ek en Verster, as ek reg onthou, 23 Augustus die oggend, uit Suidwes uit teruggekeer.

So, u was van die 23ste tot en met die 29ste was u in Pretoria terug uit Suidwes? -- Dit is korrek, ja.

Nou, ek het vir u gesê dat op die oggend van die 29ste (30) was daar reeds aanduidings gewees dat daar geen politieke

motief/..

motief vir hierdie ontploffing by u winkelsentrum was nie, onthou u dit? -- Ek het so gesê, ja.

Wat ek graag vir u wil vra is het Grey's Personnel 'n bankrekening gehad? -- Ja, hulle het.

Op wie se naam was die bankrekening? -- My vrou se naam handelend as Grey's Personnel.

Het u nog daardie BEWYSSTUK 39 voor u? -- Ja. Ek neem aan dit is die bundel.

Die bundel, ja. Sal u asseblief net blaai na bladsy 145. Is dit die rekening wat u na verwys by die United? (10)

VOORSITTER: Ja, gaan maar voort.

MNR. VISSER: Verskoning?

VOORSITTER: Ek sê dit is in mev. Botes se naam.

MNR. VISSER: Ja. Is dit die rekening waarop Grey's Personnel se geld gehanteer is? -- Dit kan wees, ja.

Ekskuus tog? -- Ja.

Ek wil net hierdie vraag vra, u kan maar kyk daarna en sê of u saamstem of nie, die bedrae wat hier gebank word is nie of skyn nie normale besigheidsbedrae te wees nie, sal u daarmee stem? -- Ja, dit is geld uit my privaat transaksie uit wat ek hier inbetaal het, ja. (20)

En dit bring ons eintlik net by die eintlike vraag, het dit finansieel goed gegaan met Grey's Personnel in Augustus 1989, mnr. Botes? -- Nee, dit het nie.

U was inderdaad van voorneme om Grey's Personnel te sluit? -- Nee, ek was nie.

Het u nie vir mev. Barnard kennis gegee dat sy September nie meer moet kom werk nie, want u moet die besigheid in September sluit? -- Nee, ek het wel vir haar gesê as sy nie haar werk doen nie, gaan ek haar afdank. (30)

Bestaan Grey's Personnel vandag nog? -- Hy bestaan vandag nog, ja.

As ons net vir 'n oomblik kan terugkeer na mnr. Alf Campbell toe, u saak of die saak van mnr. Campbell teen u het gedien in die landdroshof, het dit nie, op 19 Maart van hierdie jaar? -- Ja, as ek reg onthou.

Is daar toe getuienis aangevoer voor die landdros? -- As ek dit reg onthou, ja.

En die saak is toe verdaag na 29 Maart? -- Dit is reg, ja. (10)

Ek wil net u vra om te blaai na bladsy 147 van die bundel C39. Hierdie is 'n verklaring van mnr. Alf Campbell. Ek wil nou nie tyd mors daarmee nie, maar wat hy sê is tussen 19 Maart en 29 Maart en wel op 26 Maart, het hy 'n telefoonoproep ontvang van 'n persoon wat homself geïdentifiseer het as ene Steve en die persoon het blykbaar gesê "You have opened your mouth once too often. You will receive a fax" en sy sekretaresse, ontvangsdatum, het 'n telefoniese versoek gekry vir sy telefaksnommer wat sy toe gegee het en toe het daar 'n faks aangekom, as u kyk na 149. Nou, hierdie afskrif is maar baie swak. Dit is 'n ligafdruk van 'n faks, maar ek kan vir u sê wat hier aan die gang is. Daardie swart kol bo lyk na 'n brandstapel. Kan u dit uitmaak? -- Nee, ek kan nie. (20)

En daaronder lyk na so 'n grafsteentjie, daarop staan Alf r.i.p. "rest in peace" en onder dit staan geskryf in handskrif "dead birds don't sing", sien u dit? -- Ja, ek sien dit.

Weet u enigiets van hierdie faks? -- Nee, ek weet niks daarvan af nie.

Het u enigiets te make gehad met die stuur van hierdie faks hoegenaamd? -- Ek het gesê ek weet niks daarvan af nie. (30)

Net 'n woord/..

Net 'n woord van verduideliking, mnr. die Voorsitter, nie dat ek dit eintlik verstaan nie, bladsy 150 is blykbaar 'n uittreksel om te bewys dat die faks op 149 is 'n spookfaks, wat hulle 'n spookfaks noem. Hy het geen identifiserende nommers nie. So, dit kan nie bepaal word waar hy vandaan kom nie. U het, toe u met mnr. Verster praat, volgens u getuienis, het u vir hom gesê "Jy het ook groen koring op die land". Onthou u daardie getuienis van u? -- Ja, ek onthou dit.

En u het vir die agbare kommissaris verduidelik dat wat u eintlik van gepraat het, is sy kinders. -- Dit is korrek, ja.

As u en mnr. Verster nou regtig mekaar begin te lyf gaan het ensovoorts, sou u regtig sy kinders gedreig het? -- Op daardie stadium het ek dit so aan hom gestel omdat daardie bom bedoel was om my bang te maak en dit 'n direkte bedreiging vir my gesin ingehou het. Dit is hoekom ek dit vir Joe gesê het.

Die vraag is dit, was u werklik van voorneme om sy kinders leed aan te doen? -- Nee, ek sou vir Joe leed aangedoen het as daar leed aangedoen was.

Maar nie sy kinders nie? -- Nie sy kinders nie.

Dit was net 'n dreigement? -- Dit was 'n dreigement.

Maar u dreigemente hoef 'n mens nie ernstig op te neem nie? -- My dreigement was so ernstig soos die dreigement wat ek gekry het deur middel van 'n bom wat my kantoor geblaas het wat direk my en my gesin bedreig het.

So, u was ernstig gewees om sy kinders ook te bedreig? -- Ek was so ernstig om sy kinders te bedreig soos wat die bom wat ek gehad het my gesin bedreig het.

Net om terug te keer na die skade wat u oor gepraat het, het u bewyse gekry van uitgawes? -- Ek het bewyse saamgebring, ja.

Kan u net vir die voorsitter sê wat dit is? -- Dit is (onduidelik, besig om na dokumente te kyk) in elk geval na die voorval en die herstelwerk wat gedoen was aan die fotostaatmasjien na die voorval.

VOORSITTER: Ekskuus tog, kan u net vir my sê wat dit is. Hiervolgens is dit by Compu Media, het u 'n "computer" gekoop. -- Dit is korrek, ons het die rekenaar ...

(10)

Vir R3 300. -- Ek het die rekenaar vervang wat ek gehad het met 'n drukker wat daarmee saamgegaan het.

En die drukker kos ook - dit is nou saam 3 300 .. -- Nee, dit is afsonderlik, die twee bedrae.

O, die rekenaar was R3 300, die drukker was R3 300. -- En dan op die volgende bladsy sal u sien aan die linkerkant is met 'n kruisie gemerk by hoeveelheid "quantity". Ek het een lessenaar vervang dan ook net onder dit een stoel vervang en net onder dit twee stoele vervang. Die res van daardie toerusting was aangekoop op daardie stadium om die kantoor af te skort omdat die binnemure uit was.

(20)

MNR. VISSER: Mnr. die Voorsitter, ek het nie daardie dokument gesien nie.

VOORSITTER: En die res is herstelwerk, dit lyk omtrent so 'n paar honderd rand.

MNR. VISSER: Dit was nie vir u nodig om enige herstelwerk aan die konstruksiewerk van die gebou te doen nie, was dit? -- Nee, dit was nie.

Dit was die versekering van die eienaar wat dit gedek het. -- Dit is korrek, ja.

(30)

Ek wil net aan u volledigheidshalwe 'n foto-album wys. Mnr. die Voorsitter, ons het net een ongelukkig. Dit word na

verwys as A31 in die polisie-dossier. Ek wil net hê u moet

blaai na/..

K70.10

- 1991 -

BOTES

blaai na foto nr. 3 toe. Sien u hom? -- Ja.

Sou dit korrek wees dat vanaf foto nr. 3 tot en met foto nr. 11 handel met die plek waar die toestel ontplof het en kantoor nr. 8? Kyk maar net. -- Ja.

En foto nr. 14 handel met kantoor nr. 7, u perseel? -- Ja.

Ek wil dit net aan u stel dat daar was geen foto's geneem van die binnekant van nr. 7 nie, nie waar nie? -- Ek weet nie of daar foto's geneem was nie. (10)

Nee, u kan dit maar aanvaar. Die ander aspek is dat u het aan mnr. die Voorsitter genoem dat u deur en nr. 8 se deur is ongeveer dieselfde afstand as die twee deure hier in die kommissiesaal uitmekaar uit, kan u dit onthou? -- Dit was 'n skatting, ja.

Dit is omtrent so 11 meter, sal dit korrek wees? -- Ek skat so, ja.

Nou wil ek u net vra om te verwys na BEWYSSTUK C37, dit is die Vrye Weekblad van 11 Mei 1990 en as u sal kyk na die vierde paragrafie van C37, dit lees "Botes vertel hy het Vlok op 29 Augustus verlede jaar gesien enkele ure nadat 'n bom in sy kantoor in Verwoerdburg ontplof het". -- Ek het dit vantevoren aan die kommissie gestel dat ek nie die ding geproeflees het nie, maar dat ek my kantoor wel as deel van daardie kantoor beskou en dat dit slegs onderverdeel word deur "rhino board" soos ons vantevoren hier getuig het. (20)

Ja, mnr. Botes, ons gaan nou nie weer daarvoor argumenteer nie. Al punt wat ek nou aan u wil stel is dit toe u hierdie C37 en C38 deurgelees het, was u versoek gewees om te onder- (30)

streep dit wat verkeerd was, nie waar nie? -- Ja.

En u het toe verkies om die woord "in" nie te onderstreep
nie/..

K70.10

- 1992 -

BOTES

nie. -- Ek het dit nie verkies nie. Dit het my nie spesifiek
opgeval nie.

Dit het u nie opgeval nie, maar toe u getuienis gelewer
het hierso voor die kommissie het u eintlik ook weer voorgegee
die ontploffing in u kantoor was, want ek dink u het gesê dit
is 'n ontploffing wat in 'n kantoor plaasgevind het wat u met (10)
mnr. Campbell deel. -- As ek reg onthou het ek gesê by die
kantoor en die beskrywing was dat dit voor die deur van mnr.
Campbell was. Ons deel een groot kantoor wat onderverdeel was
en dit is soos wat ek die getuienis hier gegee het.

Net om dit maklik te maak, mnr. Botes, ons het foto-
afdrukke gemaak, mnr. die Voorsitter, van 'n plan wat agterin
A31 soos verwys in die polisiedossier voorkom wat 'n beskry-
wing bevat van waarvan die foto's geneem is - mnr. die Voor-
sitter, dit is meer vir inligting van my geleerde vriende (20)
hierso - en agterin die laaste bladsy is 'n plannetjie. Ek
wonder of u nie net wil kyk daarna nie. Sien u dit, die laaste
bladsy? -- Ja.

Mnr. die Voorsitter, het u nou nie een nie?

VOORSITTER: Dit maak seker nie saak nie.

MNR. VISSER: Nee, nee, hier is een. En die laaste bladsy,
die onderste sketsplan wys kantore 7 en 8, nie waar nie? Sien
u dit? -- Ja.

Tesame met die ingange. Goed, ek wil dit net voorgelê
het. Mnr. Botes, toe u opleiding ondergaan het in die weermag
het u te make gehad met springstowwe? -- Ek het op geen sta- (30)
dium 'n springstofkursus gedoen nie.

Ek wil u graag net vra oor hierdie ooreenkoms wat u
beweer iemand met die Suid-Afrikaanse Polisie gehad het en ek
wil probeer om 'n lang storie kort te sny deur vir u te vra
die ooreenkoms/..

K70.12

- 1993 -

BOTES

die ooreenkoms wat u van praat, is dit 'n werksafbakening van
waar die polisie jurisdiksie sou hê en waar die weermag jurisdiksie
sou hê? -- Na my wete is dit waar die jurisdiksie van
die polisie sou lê en waar BSB se jurisdiksie was, ja.

(10)

Ja wel, dan wil ek dit net aan u stel dat die Suid-Afrikaanse
Polisie het natuurlik geen jurisdiksie in Swaziland
nie. U is seker bewus daarvan? -- Ek is bewus daarvan. In
daardie opsig, die ooreenkoms was dat BSB nie sou optree in
Swaziland nie aangesien dit aan die polisie toegeken was.

En dit is wat mnr. Verster vir u gesê het? -- Dit is
korrek, ja.

VOORSITTER: Wanneer het hy dit vir u gesê? -- Hy het dit by
my gesê by my koms van Streek 2. By my aankoms by Streek 2,
my voorligting van Streek 2, by die oornome van Streek 2.

(20)

Maar wanneer het u Streek 2 oorgeneem? -- Dit was, as ek
reg onthou vroeg 1988. Ek het nie 'n presiese datum nie.

Met ander woorde toe was BSB nog 'n duidelike weermag-
storie gewees? -- BSB was nog weermag op daardie stadium, ja.

So, met ander woorde wat die advokaat vir u sê Swaziland
- die weermag moes nie betrokke raak in Swaziland nie? Is dit
wat die ooreenkoms was? -- Dit is korrek, op daardie stadium
was dit weermag, ja.

En toe het dit nou maar net so aangegaan? -- En dit het
net aangegaan, ja.

(30)

MNR. VISSER: Dit is eienaardig genoeg, is dit nie, mnr.

Botes, dat dit hierdie einste mnr. Verster is wat met die

Mhlaba-aangeleentheid toe nou opdrag blykbaar gegee het dat hy onder observasie gehou moet word, gemonitor moes word? -- Ja. Op daardie stadium was ek nie by magte om te besluit wat mnr. Verster mag doen of nie mag doen nie.

Nee, ons/..

K70.12

- 1994 -

BOTES

Nee, ons praat net van hierdie ooreenkoms waarna u verwys het. -- Ja.

Sal u net nou kies tussen wie en wie was hierdie ooreenkoms. Tussen die polisie en uself soos u sê in die Vrye Weekblad of die BSB soos u so pas gesê het of die weermag soos u aanvanklik gesê het? -- Aanvanklik tussen die weermag en die polisie wat my betref met die generaal betrokke, generaal wie dit ook dan sou wees, of Joe Verster as 'n kolonel in die weermag, later deur Verster as mnr. Verster in persoon en ons het ingeval by daardie reëling. Ons het ons opdragte op daardie stadium direk van Verster gekry betreffende daardie aangeleentheid. (10)

Wel, ek wil dit net aan u stel, mnr. Botes, dat die polisie is nie bewus van enige so 'n ooreenkoms nie en wat meer is dit is dus nie nodig vir enige so 'n ooreenkoms nie, want die Polisie wet is baie duidelik in sy afbakening van gebiede waar die polisie jurisdiksie het. -- Van polisie kant af kan ek dit nie betwyfel nie, want ek weet nie. Van BSB-kant af kan ek dit betwyfel. Dit is die opdrag wat ons gehad het. (20)

En toe het u, wat mnr. Mhlaba aanbetref, iets gesê wat ek u net wil vra om te verduidelik, asseblief. U het gesê u sou nie betrokke raak by mnr. Mhlaba nie, want u het dit gesien as 'n probleem van die Suid-Afrikaanse Polisie en van nasionale intelligensie. Het u dit gesê? -- Dit het niks met nasionale intelligensie te doen gehad nie. (30)

Wel, dit is een been van die argument. So, u was verkeerd
gewees toe u verwys het na nasionale intelligensie? -- Daar
was na my wete nooit gepraat van nasionale intelligensie in
daardie been dispuut nie. Die argument hier het gegaan oor
tussen die weermag en die polisie en ek het gesê ek het op
daardie/..

K70.15

- 1995 -

BOTES

daardie stadium aanvaar die BSB is die weermag as gevolg van
die feit dat generaal Webb dit op 'n latere stadium dit so aan
my gestel het. (10)

Mnr. Botes, as die rekord sou toon dat u getuig het dat u
die Mhlaba-probleem beskou het as 'n probleem van die Suid-
Afrikaanse Polisie en nasionale intelligensie, dan sou nasio-
nale intelligensie verkeerd wees? -- Nasionale intelligensie
is verkeerd. Dit was nie 'n probleem van nasionale intelligen-
sie nie.

Nou, wat het u bedoel met u verwysing na 'n probleem van
die Suid-Afrikaanse Polisie? -- Die probleem, wat ek daarby
bedoel het, was baie eenvoudig. Indien ons binnelands sou
werk, sou ons gevang word deur moord en roof en dit was deur
my aan Shane du Plooy so gestel by sy voorlegging en ek het
kras woorde hier gebruik rakende die aangeleentheid. (20)

Is dit al waaroor dit gegaan het? -- Dit is al waaroor
dit ..

U verwysing na die Suid-Afrikaanse Polisie, nie dat asof
hulle iets aan Mhlaba moes gedoen het nie? -- Hulle moes niks
aan Mhlaba gedoen het na my wete nie. Dit is waaroor dit
gegaan het. Dit het gegaan oor die feit dat ons nie binne kon
optree nie aangesien ons 'n probleem gehad het in die sin van
die polisie sou die saak werklik opgelos het aan die einde van
die dag. (30)

Dankie. Nee, dan verstaan ons. Mnr. Botes, net 'n laaste aspek. Met verwysing na BEWYSSTUK C38 het u op bladsy 12, die groot gemerkte 12, dit is eintlik die derde bladsy van C38, kan u dit net voor u kry?

VOORSITTER: Die Vrye Weekblad. -- Ek het dit by my. Kan ek net 'n afskrif kry, asseblief.

MNR. VISSER/..

K70.18

- 1996 -

BOTES

MNR. VISSER: Dit is die Vrye Weekblad van 18 Mei 1990. Het u hom voor u? -- Ek het hom voor my. (10)

Bladsy 12 gemerk bo-aan. Daar staan "'n Sinistêre monster" en dan in die tweede kolom van die linkerkant af het u woorde onderstreep as synde verkeerd in die berig, nie waar nie? -- Ja.

En dit begin by die woorde omtrent halfpad af in die kolom "Die BSB soos 'n slang waarvan net sy vele koppe uitsteek". Sien u dit? Het u dit gekry? -- Ja.

Sal u net 'n bietjie ondertoe kyk na die volgende paragraaf. -- Ja.

Daar lees ons die woorde "Die BSB dring elke vlak van die Suid-Afrikaanse samelewing binne. BSB-lede werk by die Suid-Afrikaanse Polisie, Eskom" en dan gaan die sin verder en u het onderstreep BSB-lede werk by die Suid-Afrikaanse Polisie, Eskom. -- Ja. (20)

Dit is seker komma Eskom, my afskrif is 'n bietjie duidelik. -- Ek het dit ingekleur, ja.

En dit het u onderstreep as synde verkeerd in die berig? -- Dit is korrek, ja.

En u getuienis daaroor, as ek reg onthou, was dat u net nie vir mnr. Pauw dit gesê nie. -- Ek het dit nie gesê nie. (30)

Hoekom is u seker dat u dit nie vir hom gesê het nie? Is

die rede daarvoor dat dit nie so is nie? -- Dat dit nie so is nie.

Dit is nie so nie? -- Ek weet dat ek dit nie so gesê het nie. Dit is waar.

Dan wil ek vir u vra om te blaai na bladsy 11 van u beëdigde verklaring, paragraaf 39. Bladsy 11, paragraaf 39. Dit is C36, BEWYSSTUK C36. Lees net vir ons die tweede sin daar/..

K70.18 - 1997 - BOTES
(10)
daar. O, het u hom nog nie voor u nie. -- Gee net weer vir my die verwysing, asseblief.

Dit is bladsy 11 van die beëdigde verklaring. Lees maar somer die hele paragraaf 39 tot by die einde van die tweede sin. -- "BSB penetreer die Suid-Afrikaanse samelewing op alle vlakke. BSB-lede werk onder andere by die Suid-Afrikaanse Polisie, by Eskom .. "

U kan nou maar stop, dankie. Is dit ook dan verkeerd? -- Dit is verkeerd.

Waarom het u dit in u beëdigde verklaring dan gesê? -- Ek weet nie hoekom dit hier gesê is nie. Dit is 'n fout. (20)

Ek het geen verdere vrae nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Mnr. Botes, baie kortliks, toe die gedagte van die eliminerings van mnr. Mhlaba aan u geopper is, het mnr. Du Plooy aan u 'n verduideliking verstrek waarom hierdie eliminerings nodig sou wees of gewens sou wees? -- Nee. Hy het wel vir my die verklaring soos uiteengesit wat ek ingedien het geskryf oor hoekom mnr. Mhlaba 'n teiken sou wees. Hy het nie aan my verduidelik hoekom die eliminerings nodig sou wees, bo en behalwe dit wat hy geskree vir my gegee het nie. (30)

So, met ander woorde die geskrewe dokument was al wat u

van hom ontvang het? -- Die geskrewe dokument het ek ontvang saam met 'n bespreking oor die eliminerings. Hy gesê die eliminerings moet gedoen word, hier is die feite soos na die verkenning.

Toe u nou met hom die punt opper dat u die mening toegedaan is dat dit nie binnelands gedoen behoort te word nie, het hy enige verdere rede verstrekk waarom die eliminerings in die binneland nodig sou wees? -- Hy het nie 'n verdere rede

aan my/..

K70.19

- 1998 -

(10)
BOTES

aan my verstrekk nie.

Wat sou die posisies gewees het as mnr. Du Plooy mnr. Mhlaba in Swaziland sou raakgeloop het of in Mosambiek? -- In Mosambiek sou die situasies anders gewees het. Indien die feite soos wat dit daar gestel was, dat hy wel 'n wapenverskaffer was en as ek reg onthou fondse hanteer het, dan was hy definitief 'n kandidaat vir eliminerings.

En dan sou dit daar gedoen kon gewees het, selfs al was hy net tydelik in Mosambiek? -- Dit is korrek, ja.

(20)

En die ander gronde wat geopper is, dat hy koeriers hanteer en by die UDF betrokke is? -- Dit op daardie stadium dink ek was net ter inligting. Waaroor dit gegaan het, was oor of daar werklike militêre betrokkenheid was en ek het dit nie vir myself gevestig op hierdie stadium nie. Dit was die bewering soos deur hom gemaak op daardie stadium.

Toe u na Streek 2 toe is toe is u as koördineerder na Streek 2 toe, nie waar nie? -- Dit is korrek, ja.

Is daar op daardie stadium, toe u koördineerder geword het, melding teenoor u gemaak van 'n noodplan wat sou bestaan?

(30)

-- Nee, daar is nie melding gemaak van 'n noodplan nie. Dit was wel so dat tydens elke operasies daar 'n noodoptrede sou

wees. Dit sou beteken indien die situasie skeef loop moes daar sogenaamde rooi ligte wees of afsnytpunte wat sou verhoed dat die terugspoorbaarheid van die operasie bepaal kon word.

Was u ooit bewus van die bestaan van 'n noodplan ten opsigte van lêers wat by die hoofkantoor van die BSB gehou word? -- Na my wete het daar nooit in my tyd 'n noodplan bestaan nie.

Was daar ooit enige planne ten aansien van lêers wat by die hoofkantoor gehou is wat met u bespreek is? -- Al planne

wat daar/..

(10)

K70.20

- 1999 -

BOTES

wat daar bespreek was, was die normale hantering van die lêers. Waar jy die lêer getrek het, hoe jy die lêer hanteer het en waar jy die lêer moes terughandig. Daar was nie ander planne ten opsigte van die lêers nie.

Toe die BSB nou in '88 'n burgerlike gedaante aangeneem het, nadat generaal Webb oorgeneem het, het die posisie ten opsigte van die hantering van lêers dieselfde gebly? -- Waar ek voorheen direkte toegang tot die liasseerkabinette van die lêers gehad het, sou ek dit direk kon gaan trek by die persoon verantwoordelik, 'n dame met die naam van Petro, ek kan nie haar alias van onthou nie, het die situasie nou ontstaan waar ek telefonies die lêers sou aanvra en dit na my toe gebring sou word. (20)

Wie sou dit vir u bring? -- Die betrokke persoon, een van twee dames wat die lêers hanteer het op daardie stadium.

Wat was die ander wesenlike veranderinge in die bestuurstyl van die BSB wat aan die einde van 1988 ontstaan het? --

Kan ons miskien net meer duidelikheid - spesifiek ten opsigte van wat? (30)

Nadat generaal Webb oorgevat het. -- Nadat generaal Webb

oorgevat het, was die enigste kontak tussen die militêre en die siviele gedeelte, was afgesny. Die enigste skakeling na my wete was tussen Joe Verster en generaal Webb. Daar was nie meer die skakeling vanaf BSB-geledere na die Kop toe nie. So, 'n BSB-lid of 'n bekende BSB-lid, 'n direkte lid, mag nie by die Kop gekom het nie waar in die verlede ons openlik met die Kop geskakel het en indien ek enige inligting sou wou gehad het, ek toegang tot die militêre sisteem gehad het waar ek 'n lêer kon gaan aanvra op dit wat tersake was en dit dan aan my oorhandig was.

(10)
Voordat/..

K70.21

- 2000 -

BOTES

Voordat daardie stelsel ingestel was, was daar enige beperking op u geplaas ten aansien van die persoon met wie u by speskop mag in aanraking gekom het? -- Nee, alhoewel ons dit uit eie geledere uit beperk het. Ek het verkies om so min as moontlik mense te ken om myself nie bekend te maak aan hulle nie.

Was dit 'n uitdruklike bevel of was dit maar net 'n algemene bestuurstyl? -- Op daardie stadium was dit maar net 'n algemene bestuurstyl aangesien die res van die lede, die spesmaglede in alle geval aan die meeste mense bekend was as spesmagte, oop spesmagtelede. (20)

Met ander woorde het ek dit reg, mnr. Botes, nadat generaal Webb oorgevat het, het die BSB-lede in die posisie verkeer dat wat hulle van die weermag hoor hoor hulle deur middel van mnr. Verster? -- Of deur middel van Verster, of dit was 'n "rumour", 'n "grape vine" of hulle het onwettig met 'n weermaglid gepraat.

En omgekeerd wat die weermag van die BSB hoor gaan ook deur mnr. Verster? -- Ek glo so, ja. (30)

Mnr. Botes, u het nou verskeie aanduidings gegee ten opsigte van die Vrye Weekblad en die artikels wat daarin verskyn het oor foute wat daarin sou bestaan, is dit korrek dat u by herhaling met mnr. Pauw en ook met mnr. Du Preez van die Vrye Weekblad gesels het voordat u eerste artikel verskyn het op 11 Mei? -- Ja.

Kan u onthou wanneer die eerste geleentheid was wanneer u met mnr. Pauw in aanraking gekom het? -- Dit was die week voorafgaande die verskyning. Ek kan nie die presiese dag onthou nie. Dit was nie die week voorafgaande nie. Mnr. Pauw was weg na Londen toe. Na ek die eerste keer met hom gepraat (10)
het oor/..

K70.22

- 2001 -

BOTES

het oor die onderwerp, was hy Londen toe waarna hy teruggekom het en na sy terugkoms het ek 'n tweede afspraak met hom gehad.

U het 'n afspraak met hom gemaak op 21 April 1990, nie waar nie? Dit was die eerste afspraak? -- Dit kan wees.

Net voordat hy Londen toe vertrek het. Daarna het hy teruggekeer en u het toe op Maandag, 7 Mei 1990 in Verwoerdburg vir hom en mnr. Du Preez ontmoet, is dit reg? -- Dit is (20)
korrek, ja.

En toe is die inhoud van die artikels bespreek, is dit reg? -- Ons het in breë trekke gesels, ja.

8 Mei 1990 was mnr. Pauw en mnr. Du Preez die heel dag by u huis gewees, is dit reg? -- Nee, dit was net mnr. Pauw.

Was dit net mnr. Pauw gewees? -- Net mnr. Pauw.

En 9 Mei 1990 was mnr. Pauw die grootste gedeelte van die dag ook by u, is dit so? -- Dit is reg, ja.

En die inhoud van die artikels wat u oor die BSB kon vertel is op daardie twee dae in detail bespreek, nie waar (30)
nie? -- Ek het hom vertel, ja, op daardie stadium. Hy het nie

notas van alles gemaak nie. Hy het van tyd tot tyd notas gemaak.

En daarna, is dit reg, mnr. Botes, het u op 10 Mei 1990 na die kantore van my geleerde junior, mnr. Luitingh, toe gegaan waar u verklaring opgestel is, is dit reg? -- Dit is korrek.

Dit was Donderdag, laat middag/aand, is dit reg? -- Dit is reg, ja.

Is dit korrek, mnr. Botes, dat u daardie Donderdag betreklik laat in die middag vir mnr. Pauw by die Vrye Weekblad geskakel het uit die kantoor uit van mnr. Luitingh? -- Dit is korrek, ja. (10)

En dat/..

K70.23

- 2002 -

BOTES

En dat u toe by mnr. Pauw wou weet presies wat hy die volgende dag gaan publiseer. -- Dit is korrek, ja.

Is dit ook korrek, mnr. Botes, dat mnr. Pauw toe vir u die artikels, daar is sewe artikels, behalwe twee artikels wat op bladsy 2 verskyn - het u dit voor u? -- Ek het dit. (20)

Op bladsy 2 is daar twee artikels, "BSB se Arsenaal" is die een hoof en Enige Metode Toelaatbaar is die ander hoof, is dit reg? -- Ja.

Is dit reg, mnr. Botes, dat behalwe hierdie twee artikels die ander vyf artikels wat op bladsy 1, 2 en 3 verskyn inderdaad deur mnr. Pauw aan u voorgelees is? -- Nee. Hy het nie soveel vir my voorgelees nie.

Het hy vir u gelees van die gedeeltes wat hy geskryf het? -- Hy het vir my gelees van die voorste gedeelte waarna ek hom geskakel het op 'n stadium wat hy onderneem het om die aand na my toe terug te kom dat ons dit kan proeflees, dit is hoekom ek hom geskakel het op daardie stadium. Ek het vir hom gesê ek (30)

wil weet wat hulle gaan publiseer, ek wil dit graag sien. Hy het onderneem - ek het gesê ek gaan huis toe van mnr. Luitingh af, hy het onderneem om my te kom sien om dit vir my te gee dat ek daarna kan kyk. Dit was die reëling tussen my en mnr. Pauw.

Is dit korrek dat u, terwyl hierdie konsep artikels of die artikels soos wat dit op daardie stadium bestaan het, voorgelees is, u wysigings aangebring het? -- Dit is korrek, ja.

En die getuienis van mnr. Pauw en indien nodig mnr. Du Preez, sal wees dat as gevolg van die wysigings wat u wou aanbring het hy die druk van die artikels, die druk van die koerant, verdraag om die artikels te kan wysig. Kan u kommentaar/.. (10)

K70.28 - 2003 - BOTES
kommentaar lewer daarop? -- Ek kan nie kommentaar lewer daarop nie. Ek het wel 'n versoek gehad om dit te sien voordat hulle dit publiseer, voordat dit ter perse gaan en hy het vir my 'n onderneming gegee dat hy dit die aand vir my sou bring. (20)

Maar, mnr. Botes, sê u dat hy vir u onderneem het dat hy die koerant vir u gaan bring? -- Nee, nee. Hy het onderneem dat - ek het met Jacques Pauw 'n reëling gehad dat voordat hulle sou publiseer sou ek dit wel kry om te proeflees, dit wat hulle wel gaan publiseer.

Mnr. die Voorsitter, mag ek - daar is klaarblyklik 'n baie dringende boodskap vir my. Mag ek vir 'n kort verdaging vra, asseblief.

DIE KOMMISSIE VERDAAG. DIE KOMMISSIE HERVAT.

PETRUS JACOBUS BOTES nog onder eed:

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, dankie vir die tegemoetkoming en vir my kollegas se geduld. (30)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Mnr. Botes, ons was besig met die gesprek wat u met mnr. Pauw gevoer het op die aand van 10 Mei, nie waar nie? -- Dit is korrek, ja.

Nou, u is bewus van die feit dat die Vrye Weekblad 'n weekblad is, nie waar nie? -- Dit is reg, ja.

U is ook bewus van die feit dat hy Vrydae verskyn. -- Ek is bewus daarvan, ja.

U is ook bewus daarvan dat daar in die drukproses van 'n koerant 'n redelike lang aanloop is, nie waar nie? -- Ja.

En as 'n koerant op 'n Vrydag verskyn en versprei moet word hy dan op 'n betreklik vroeë stadium op Donderdagaand klaar gedruk moet wees, nie waar nie? -- Ek weet nie hoe laat hy klaar gedruk moet wees nie. (10)

Nou, mnr. Botes, hoe kon dit onder daardie omstandighede vir mnr. Pauw/..

K70.29

- 2004 -

BOTES

vir mnr. Pauw moontlik gewees het om wat hy geskryf het vir u na u huis toe te bring voordat die koerant gedruk word? -- Ek weet nie hoe dit vir hom moontlik was nie. Hy het my wel 'n onderneming gegee dat dit wat hulle sou druk sou ek kry om te lees voordat enigiets gedruk sou word. Dit was 'n ooreenkoms tussen my en mnr. Pauw en het hy daardie middag weer onderneem telefonies. (20)

Nou, is dit so dat mnr. Pauw die drukproses of die voorbereiding van die drukproses van die Vrye Weekblad inderdaad gestaak het? -- Ek weet nie.

Is daar niks vir u in daardie verband gesê nie? -- Nee, daar is niks vir my gesê nie.

As daar getuienis sou wees dat die Vrye Weekblad laat gedruk is as gevolg van die wysigings wat mnr. Pauw aangebring het op u aandrang by hierdie vyf artikels, sal u dit (30)

betwis? -- Dit kan wees, ek weet nie.

Mnr. Pauw sê dat dit inderdaad is wat gebeur het. Nou, dit is ook so, mnr. Botes, dat op die oggend van 11 Mei 1990 was u by my op kamers, is dit reg? -- Dit is korrek, ja.

Daar is die verklaring wat die vorige aand opgestel is deur my geleerde junior taalkundig versorg, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Ons het tikfoute uitgeskakel en 'n paar bladsye oorgetik, is dit reg? -- Dit is reg.

Ek het u verklaring geskik. U het op daardie stadium (10) daardie oggend, 11 Mei, se uitgawe van die Vrye Weekblad by u gehad, nie waar nie? -- Nee, ek het dit in u kantoor gekry.

Ja, goed, u het dit gesien? -- Ek het dit gesien, ja.

Is dit reg dat u, nadat u dit gelees het, op daardie stadium geen klagtes geopper het nie? -- Op daardie stadium, na ek dit/..

K70.30

- 2005 -

BOTES

ek dit gelees het, het ons reguit kommissie toe gekom. Ek het nie op daardie stadium verdere gesprekke gehad nie. Ek het net (20) op daardie stadium tyd gehad om vinnig deur die verklaring wat ek gemaak het, wat deur u sekretaresse aangepas was na my wete, die oggend vroeg net vinnig deur te lees en dit te teken en daarna het ons hiernatoe gekom om dit in te handig vir die kommissie.

Nou, later, op 11 Mei 1990, het u beide mnr. Pauw en mnr. Max du Preez ontmoet, nie waar nie of met hulle oor die foon gepraat, is dit reg? -- Nee, na my wete het ek met mnr. Pauw gepraat.

Nie met mnr. Du Preez nie? -- Nie wat ek kan onthou nie.

Is dit moontlik dat u met mnr. Du Preez gepraat het? -- (30) Dit kan gewees het, ja.

Is dit reg dat u op daardie stadium slegs een punt van kritiek geopper het oor wat in die koerant verskyn het? -- Na my wete nie.

Want mnr. Pauw sê u het slegs een probleem gehad, naamlik dat die een naam van die persoon in die Namibië-streek verkeerd aangehaal is. Dit was gedeeltelik sy administratiewe naam en gedeeltelik sy regte naam. -- Nee, op daardie stadium het ek en mnr. Pauw daaroor gesels, dat daar foute was en daar goed was wat ek nie gesê het nie wat hy waarskynlik uit ander bronne aangehaal het - hy het onder andere beweer dat hy bo en behalwe met Willie van Deventer ook met drie lede van 5 verkenningsregiment gepraat het en my woorde aan hom "Jacques, jy het goed geskryf wat ek nie gesê het nie". (10)

Het u dit die oggend van die 11de vir hom gesê? -- Wanneer was die oggend van die 11de? Dit was die dag - nee, ek het dit nie die oggend van die 11de vir hom gesê nie. Ek het hom nie/..

K70.30

- 2006 -

BOTES

hom nie gesien die oggend van die 11de as ek reg onthou nie. (20)

Nou, wanneer sou u hierdie woorde vir hom gesê het? Wanneer het u die kritiek geopper? -- Die week van die 18de se koerant het ons twee 'n afspraak gehad vir die eerste keer waar ons saamgesit het waar hy met my gesit het en ons - waar u kantore geleë is onderin die vertrek met Willie van Deventer, ons drie bymekaar gesit het en ek vir hom gesê het dat dit wat daar staan ek nie alles gesê het nie.

Nou, daardie spesifieke getuienis sal in geskil geplaas word. Nou, kan u kyk na die dokument voor u, na die fotokopieë van die Vrye Weekbld. Op bladsy 1 sê mnr. Pauw is in die eerste kolom, paragraaf 3, die woord "volledig" 'n woord wat hyself ingesit het en die ander punt wat u onderstreep het (30)

heel bo op die tweede kolom, die woord "manskappe" sê mnr. Pauw is 'n woord wat hy ingesit het. Dan op bladsy 2 die kwessie van die datum van 11 Julie het u onderstreep, is dit reg? In die eerste kolom. -- Dit is korrek, ja.

Is die datum verkeerd? -- Nee, daar was op daardie stadium nie aan my so 'n plan voorgelê nie. Ek het dit aan Jacques vertel en soos wat hy dit later skryf op 'n stadium wat hy sê ek sou die plan voorlê by 26 Augustus, as ek reg onthou, ek het nie aan Jacques vertel dat ek op daardie stadium, op daardie dag so voorgelig was ten opsigte van 'n meesterplan nie. Ek moes op daardie stadium die meesterplan gaan saamstel deur middel van die verkenning, die werwing en die verkenning, om 'n meesterplan te kon aanbied. (10)

Hoe het u die datum 11 Julie 1989 vir mnr. Pauw meegedeel? -- Die datum 11 Julie as ek reg onthou is min of meer die tydperk wat ek weg is Suidwes toe.

Het u die datum seker gemaak, uself van die datum vergewis/..

K70.32 - 2007 - BOTES
(20)
vergewis toe u met mnr. Pauw gepraat het? -- As ek reg onthou, ja. Ons het uit my dagboek uit gepraat.

Nou sê mnr. Pauw heel onderaan die kolom van daardie artikel dat die woorde "net buite Windhoek" ... (tussenbei) -- Dit is korrek.

Is sy eie woorde. -- Ek het hom pertinent genoem waar. Ek het vir hom gesê Spitzkoppen. Ek het nie gesê net buite Windhoek nie.

Dit is heeltemal reg. Dit is sy instruksies aan my. Hy het net nie geweet waar die Spitskoppe is nie. Dan is dit korrek, u het reeds so gesê, op 16 Mei 1990, dit was 'n Woensdag, het u weer met mnr. Pauw ontmoet, is dit reg? -- Dit is (30)

korrek, ja.

En daar is verdere gesprekke gevoer wat gelei het tot die artikel wat op 18 Mei 1990 verskyn het, is dit reg? -- Nee, ons het daar hoofsaaklik gepraat oor drie goed. Een was die verskille in die eerste koerant. Die tweede ding was oor wat hy wou publiseer vir die week om te kom. Hy het in gedagte gehad om 'n sogenaamde moordlêer te publiseer wat na my wete u kennis van dra wat op daardie stadium bespreek was oor hoe om dit te doen en daar nie vir hom detail gegee was oor hoe om dit te doen nie en dan, derdens, het dit gegaan oor Willie van Deventer se betrokkenheid by BSB en wat daaruit gepubliseer sou dan word en ons drie het saam om die tafel gesit tydens daardie gesprek. (10)

Is die samestelling van die BSB op 16 Mei 1990 bespreek?
-- Nie wat ek kan onthou nie, nee.

Hierdie spinnekop wat op bladsy 13 verskyn van die koerant, is dit op 16 Mei 1990 gedebatteer? -- Nee, dit is voor dit gedebatteer.

Het u/..

K70.34

- 2008 -

(20)
BOTES

Het u ten opsigte van daardie - u het 'n sirkel daarom getrek, nie waar nie? -- Dit is korrek.

As ek u reg verstaan en u getuienis reg verstaan sou dit aandui dat daardie spinnekop verkeerd is. -- Dit is korrek.

Het u, terwyl u met mnr. Pauw gepraat het opgemerk dat mnr. Pauw notas maak? -- Hy het van tyd tot tyd notas gemaak, ja.

Het u vir hom die samestelling van die BSB skematies verduidelik? -- Ek het vir hom verduidelik. Ek het dit nie so vir hom verduidelik nie. (30)

Is dit reg dat uself in u eie handtekening vir hom 'n

skema opgestel het? -- Ek het vir hom 'n aanduiding gegee van hoe dit behoort te lyk, ja. Ek het dit nie vir hom in detail uitgelê presies hoe dit lyk nie.

Herken u hierdie skets? -- Dit is korrek, ja.

Ek sal sorg dat fotokopieë gemaak word, mnr. die Voor-
sitter. Ek het ongelukkig nog nie. En as u hierdie skets
vergelyk met wat uiteindelik in die koerant verskyn het sal u
agterkom dit is in feitlik elke opsig, dek dit mekaar? -- Dit
is baie beslis nie. Ek en mnr. Pauw het onder andere oor
Streek 2 gesels en hy het begin deur Streek 2 op te breek vir
een of ander rede wat net hy verstaan en ek het hom nie in (10)
detail so verduidelik nie, baie beslis nie. Ek het vir hom 'n
aanduiding gegee van hoe dit gewerk het en waar ek die streke
nie geweet het, wie hulle was nie, het ek dit vir hom gesê.

Maar dat die BSB opgebreek word in 'n streekbestuurder,
'n koördineerder en verder af ondertoe is tog reg. -- Dit is
korrek, ja, maar nie soos hy dit uitgelê het daar nie.

Wat is u probleem met hierdie skets op bladsy 13? -- Die
probleem op hierdie stadium met die streeksbestuurder/

koördineerder-opset/..
(20)

K70.37

- 2009 -

BOTES

koördineerder-opset daar, dit gaan oor een koördineerder wat
dan direkte lede sou hanteer wat hy hier hanteerders genoem
het wat nie noodwendig hanteerders was nie. Daar is geen
streek na my wete wat drie koördineerders het nie.

So, met ander woorde wat u sê is daar moes een streek-
bestuurder per koördineerder gewees het, is dit reg? -- Nie
noodwendig nie. Daar was normaalweg een koördineerder per
streek.

Ja? -- En dan die sogenaamde hanteerders het hy onder-
verdeel in bewustelike direkte lede. Die hanteerders was nor-

(30)

maalweg bewuste direkte lede. Hulle was nie onder hanteerders ingedeel nie.

Ek volg, maar onbewustelike lede was wel? --
Onbewustelike lede was wel.

Origens sê mnr. Pauw - miskien moet ons net seker maak, wat het u op 16 Mei 1990 vir hom aangedui sou verkeerd wees? --
- Ons het nie in detail oor die onderwerp gesels nie. Ons het nie 'n koerant by ons gehad nie.

So, u het hoegenaamd nie in besonderhede ingegaan nie? --
Ons het oor 'n paar goed gepraat, maar ons het nie in detail ingegaan nie. (10)

Kan u onthou waaroor u gepraat het? -- Daar is goed onder andere wat ons gepraat het, een ding was Corrie Meerholdt se dood. Ek het vir hom gesê Jacques, ek het dit nie gesê nie, dit is 'n bewering. Hy het gekom en gesê die bewering was gemaak deur lede van 5 verkenningsregiment. Dit is een van die pertinente voorbeelde wat ek kan onthou wat ons bespreek het.

Met ander woorde wat hy op bladsy 2 sê dat hy op geheimsinnige wyse dood is toe sy kar die pad verlaat het, dit is (20)
wat u daar/..

K70.38

- 2010 -

BOTES

wat u daar onderstreep. -- Dit is korrek, ja.

Is die woord geheimsinnig mnr. Pauw se eie woord? -- Daar was gesuggerer dat ek dit gesê het. Ek het dit nie gesê nie.

U het dit nie gesê nie? -- Ja.

Ek dink mnr. Pauw stem inderdaad daarmee saam. Op bladsy 2 ook nog in die tweede kolom die woord ... (tussenbei)

VOORSITTER: Maar dit is eintlik baie geheimsinnige wyse wat gesê is, daar is nie gesê geheimsinnige wyse nie. (30)

MNR. BERTELSMANN: Verskoning, ja, maar dit is net

geheimsinnig wat onderstreep is.

VOORSITTER: Het hy gesê hy is op 'n baie wyse dood?

MNR. BERTELSMANN: Nee, dit kan nie so wees nie, mnr. die Voor-
sitter. Dan die ander punt is, wat u ook onderstreep het in
die tweede kolom onder die artikel "Vlok het geweet. Verster
het botweg geweier om hulle te betaal". -- Ek het op geen
stadium by Verster aangedring op betaling nie en ek het dit
baie duidelik aan Pauw gestel dat ek en Verster op daardie
stadium nie met mekaar gekommunikeer het nie.

Mnr. Pauw sê dat dit korrek is, dat daardie woorde het u
nie gebesig nie, maar origens sê mnr. Pauw is die artikels ge- (10)
publiseer in ooreenstemming met wat u vir hom vertel het en
met hom gekontroleer het soos ek dit aan u gestel het. -- Dit
is nie waar nie - ek het aan hom vertel, ek het dit nie ge-
kontroleer nie, ons het 'n ooreenkoms gehad dat ek dit kon
kontroleer voordat enigiets ter perse sou gaan.

Wat sou u nog kontroleer nadat u reeds u telefoon-
korreksies aangebring het? -- Hy het op daardie stadium wat
ons oor die telefoon gepraat het, was hy nog nie klaar nie. Hy
het vir my stukkie en brokkies gelees en ek het vir hom gesê (20)
Jacques, ek gaan hiervandaan huis toe, bring dit asseblief vir
my/..

K70.39

- 2011 -

BOTES

my voordat julle dit druk dat ek en jy daarvoor kan praat. Hy
het onderneem, hy het gesê ek sien jou later.

Mnr. Pauw sal van u daar verskil. Dankie, mnr. die Voor-
sitter, ek het geen verdere vrae.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. _____ : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE.

(30)

(10)

(20)

K70.40

- 2012 -

DU PLOOY

DIE KOMMISSIE HERVAT NA TEE.

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, mag ek net 'n versoek rig dat u 'n soortgelyke bevel maak met betrekking tot hierdie getuie se identiteit wat die neem van foto's en sketse en so meer betref.

(30)

VOORSITTER: Ek gelas dat kragtens regulasie 7 dat niemand enige stappe kan neem wat die identiteit van hierdie getuie

sal openbaar nie.

SHANE DU PLOOY

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Is u volle administratiewe name Shane du Plooy? -- Dit is reg.

En het u onder daardie name 'n beëdigde verklaring gemaak? -- Dit is reg.

Is die verklaring nou voor u? -- Dit is reg.

(Getuie neem die eed.)

Mnr. Du Plooy, u kan maar begin met die lees van u verklaring vanaf paragraaf 1, asseblief.

(10)

VOORSITTER: Ons maak dit C41.

MNR. McNALLY: C41. Ek sal u stop indien dit nodig is. -- "Ek is 'n lid van BSB, Shane du Plooy is my administratiewe naam wat ek binne die organisasie gebruik. Ek was voorheen verbonde aan Streek 4 dog is gedurende 1988 oorgeplaas na Streek 2 waar ek onder Pieter Botes gewerk het.

'n Bietjie harder, asseblief. -- Streek 2 was verantwoordelik vir die gebiede Swaziland en Mosambiek. In die loop van my bedrywighede as lid van Streek 2 het ek van 'n sekere bron inligting verkry met betrekking tot ene Mhlaba, 'n prokureur in Durban. Volgens hierdie inligting het Mhlaba finansies vir die ANC beheer en daarbenewens wapens verkry vir ANC-lede binne die Republiek van Suid-Afrika. As deel van my normale/..

K70.40

- 2013 -

DU PLOOY

normale werksaamhede as lid van Streek 2 het ek meer inligting in verband met die betrokke persoon ingewin. Vir hierdie doel was dit vir my nodig om die betrokke persoon te monitor in die Durban-gebied. Ek het op 'n stadium verslag aan Botes gedoen in verband met my monitering van Mhlaba waarop hy my opdrag

(30)

gegee het om meer inligting aangaande die persoon en sy bedrywighede in te win.

Waar het daardie verslaggewing plaasgevind? -- In Pretoria by sy kantoor. Ek is nie presies - by die kantoor, ons streekkantoor.

Was u en hy albei in die kantoor in Pretoria? -- Dit is reg.

Goed, gaan voort. -- Nadat ek weer inligting omtrent Mhlaba ingewin het en ek daaromtrent aan Botes verslag gedoen het, het hy my meegedeel dat Mhlaba geëlimineer moes word. Hy het daarop aan my in breë trekke 'n plan van optrede waarvolgens die eliminasië kon geskied, voorgehou en my gelas om die moontlikheid van so 'n plan deur te voer te ondersoek met 'n moontlike alternatiewe plan daartoe en om dan in hierdie verband aan hom terug te rapporteer. Ek het hom meegedeel dat ons nie gemagtig was om binnelands teen vyande van die Republiek op te tree nie waarop hy my kortaf toegesnou het dat ek sy bevel moes nakom en my nie oor beleid moes bekommer nie aangesien dit nie my verantwoordelikheid was nie. (10)

Alhoewel ek ernstig getwyfel het of 'n voorlegging vir die eliminerings van Mhlaba binnelands goedgekeur sou word, was ek verplig om sy opdrag uit te voer. Gevolglik het ek met die kennis waarvoor ek reeds beskik het 'n rowwe plan op skrif gestel vir die moontlike eliminerings van Mhlaba aan die hand van die suggestie wat hy gemaak het oor die metode wat gebruik kon word/.. (20)

K70.42

- 2014 -

DU PLOOY

kon word. Hierdie rowwe plan was nie bedoel om 'n voorstudie te wees nie en het glad nie aan die voorskrifte van so 'n voorstudie voldoen nie. Ek het steeds geglo dat sy plan nie prakties uitvoerbaar was nie en in ieder geval vas geglo dat (30)

die bestuur van BSB nie goedkeuring vir so 'n plan sou verleen nie. Daarom het ek nie werklik moeite gedoen om sy plan in die vorm van 'n behoorlike voorstudie aan hom voor te lê nie. Daar was in iedere geval nie 'n formele magtiging verkry vir so 'n voorstudie nie. Ek het soos wat hy my gelas het ook 'n alternatiewe plan op skrif gestel. Ek kan nou nie meer onthou wat hierdie alternatiewe metode behels het nie, alhoewel ek my vaag kan herinner dat die alternatiewe metode die gebruik van 'n vuurwapen behels het. Daarop het ek die twee planne aan hom oorhandig waarna ek nooit weer daarvan gehoor het nie. Ek was ook nie verbaas dat ek nie weer daarvan gehoor het nie en het geen navrae daaromtrent gedoen nie. Botes is 'n bombastiese en humeurige persoon wat nie duld dat sy ondergeskiktes sy bevele bevraagteken nie en om hierdie rede was ek verplig om gehoor te gee aan sy bevele om 'n plan voor te lê soos hy vereis het. Ek is bewus daarvan dat hy in die verlede van swart lede van die BSB te lyf gegaan het omdat een nie sy bevele om 'n blanko dokument te onderteken wou gehoorsaam nie en die ander persoon nie 'n bevel wou gehoorsaam wat van my gekom het nie.

(10)

(20)

Hierdie dokument wat reeds ingegaan het as BEWYSSTUK C35, is dit in u handskrif? -- Dit is korrek.

Is dit eintlik deel van die dokument wat u vir Botes voorberei het? -- As ek kan reg onthou het ek vir hom nog 'n ekstra gedeelte gegee wat nie hierby ingesluit is nie.

Wat plan B gedek het? -- Dit is reg.

Hoeveel/..

K70.45

- 2015 -

DU PLOOY

Hoeveel bladsye het dit beslaan? -- Ek sal nie kan sê as ek nou moet so sê nie.

(30)

So, u het daardie dokument opgestel saam met 'n plan B-

dokument en waar het u dit aan Botes oorhandig? -- Dit was in Pretoria.

Ek sien die dokument dra die datum 4 Maart 1989. -- Ja.

Wanneer het u dit aan hom oorhandig? -- As ek kan - ek sal nie nou die presiese datum kan gee nie, maar ek vermoed dit was die dag nadat ek hierdie geskryf het.

Wat was die tekortkominge van die plan soos u dit gesien het, want u sê dit was nie volgens u prakties uitvoerbaar nie? -- Wel, hierdie plan soos wat dit hier uitgespel is, glo ek nie dat dit - as ek gif voorberei was op 'n lemmetjie kan dit nie iemand skade aandoen nie. (10)

Kan u 'n bietjie daarop uitbrei. Waar sou die plan skipbreuk gely het? -- Wel, eerstens glo ek die voorstudie - as daar 'n voorstudie sou gemagtig gewees het om so 'n - Botes het vir my gesê doen 'n monitering en nadat ek dit gedoen het, het hy vir my gesê die persoon moet geëlimineer word en ek glo nie 'n mens kan, of wat ek geweet het, op 'n plan werk om 'n persoon te elimineer.

VOORSITTER: Nee, nee .. -- En dan die plan wat ek ingedien het sou nie kon gewerk - wat ek weer gesê het ek go nie as iemand skeer met 'n gifbehandelde lemmetjie sal hy doodgaan nie. (20)

MNR. McNALLY: Is dit die basis waarop u sê dit is nie prakties uitvoerbaar nie? -- Dit is reg, ja.

Was die alternatiewe plan prakties uitvoerbaar? -- Wel, as ek kan reg onthou moes hierdie persoon geskiet word in 'n beboude gebied, in 'n kantoor, en ek glo dit is ook nie prakties/..

Was hierdie monitering van Mhlaba binne die Republiek van Suid-Afrika die enigste BSB-aktiwiteit binne-in die Republiek?

-- Dit is reg.

Dankie, mnr. die Voorsitter, dit is dan al van my kant af.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Mnr. Du Plooy, die BSB is 'n militêre organisasie, nie waar nie? -- Dit is reg.

En in die militêre opset waarin u gestaan het, was mnr. Botes u meerdere, nie waar nie? -- Dit is reg.

So, hy was 'n gesagvoerder en u was verplig om sy bevel uit te voer, nie waar nie? -- Ja. (10)

Bloot as gevolg van die feit dat u en hy in 'n militêre verhouding tot mekaar gestaan het, nie waar nie? -- Dit is reg.

Met ander woorde ek aanvaar dat dit die rede is waarom u u aan sy opdragte onderwerp het en sy opdragte uitgevoer het? -- Ja.

Want u is 'n gedissiplineerde lid van die BSB. -- Redelik.

En dit is die dissipline wat u in die BSB veronderstel is om te handhaaf, nie waar nie? -- Ja. (20)

Met ander woorde as 'n mens van u beëdigde verklaring die indruk sou kon gekry het dat u hierdie plan opgestel het en uitgevoer het omdat u bang was vir mnr. Botes, dan is dit nie reg nie, nie waar nie? -- Dit is nie so nie.

Nou, sê vir my, mnr. Du Plooy ..

VOORSITTER: Wat is nie so nie? -- Sê net weer?

Ek dink die antwoord was 'n bietjie dubbelsinnig gewees.

Wat die/..

omdat u bang was vir mnr. Botes nie .. -- Dit is wat ek in my verklaring gesê het.

Ja, hy sê dit is verkeerd. U het dit gedoen omdat hy 'n bevelvoerder was. -- Ek het gesê - wat hy gesê het is verkeerd. Ek het dit gedoen omdat ek bang was vir hom.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. Du Plooy, hoe verstaan ons die situasie? U is in 'n militêre organisasie, korrek? -- Hm.

Is dit reg? -- Dit is reg.

U is veronderstel om bevele wat aan u gegee word te gehoorsaam, korrek? -- Dit is reg.

(10)

U is trouens verplig om dit te doen, korrek? -- Ja.

U sê nou net vir my omdat mnr. Botes in die posisie van gesagvoerder oor u gestaan het, het u sy bevele uitgevoer, korrek? -- Dit is reg, ja.

So, dit was die rede waarom u hom gehoorsaam het. -- Dit was een van die redes.

Mnr. Du Plooy, u sou verplig gewees het om mnr. Botes te gehoorsaam, ongeag wat u persoonlike gevoelens teen mnr. Botes was, nie waar nie? -- Nee, dit is nie waar nie.

Maar u sê die dissipline van die BSB ...

(20)

VOORSITTER: Stel u dit as 'n feit dat 'n mens in die weermag 'n onwettige bevel moet gehoorsaam?

MNR. BERTELSMANN: Nee, nee.

VOORSITTER: Maar dit is wat u nou vir die getuie gestel het.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, met respek die getuie het nog nie gesê die bevel was onwettig nie.

VOORSITTER: Nee, nee, maar u stel dit aan hom. Nou vra ek vir u as u daardie stelling aan hom maak, is dit 'n regte stelling?

MNR. BERTELSMANN/..

(30)

MNR. BERTELSMANN: Wel, met respek, mnr. die Voorsitter, ek wou gehoor het wat sê die getuie.

VOORSITTER: Nee, dan vra u vir hom, dan vra u vir hom die vraag en dan vra u nie 'n halwe vraag en suggereer een antwoord en dan omdat hy nie antwoord soos wat u verwag het en dan daarvan 'n afleiding te maak nie. U moet vir hom 'n reguit vraag vra dat hy die vraag kan verstaan.

MNR. BERTELSMANN: Kom ons gaan terug na hierdie punt, mnr. Du Plooy. Was u in terme van die dissipline waaronder u gestaan het verplig om mnr. Botes te gehoorsaam? -- Dit is reg.

Is dit die rede waarom u sy bevel uitgevoer het? -- Dit is die rede - sê weer? (10)

Die vraag was is dit die rede waarom u sy bevel uitgevoer het? -- Dit is een van die redes.

VOORSITTER: Watter bevel?

MNR. BERTELSMANN: Om te monitor, om die plan op te stel. - Ja, dit is een van die redes.

Met ander woorde, mnr. Du Plooy, u het nie op daardie stadium vir hom gesê dat die bevel wat hy vir u gee 'n onwettige bevel is nie, korrek? -- Toe hy vir my daardie bevel gee het ek vir hom so gesê. (20)

Wat het u vir hom gesê volgens u verklaring? Volgens u verklaring sê u vir hom .. -- Dit is 'n onwettige binnelandse optrede.

Met ander woorde was u die mening toegedaan dat u ongeag die feit, as dit dan 'n onwettige bevel was, dat dit 'n onwettige bevel was, u verplig was om hom te gehoorsaam? -- Dit is nie daarom wat ek dit gedoen het nie. Ek was redelik bang vir hom.

So, u het hom gehoorsaam welwetende dat dit 'n onwettige bevel was/.. (30)

bevel was omdat u bang was? -- Ja.

So, as u nou gesê het dat u het hom gehoorsaam as gevolg van die feit dat u onder militêre dissipline gestaan het dan was dit nie reg nie? -- Dit is reg.

Nou, hoekom het u dan so vir ons voorsitter gesê? -- Ek het mos vir jou voorheen gesê ek was bang vir hom, dit is hoekom ek die bevel gehoorsaam het.

Mnr. Du Plooy, wie het u vir die BSB gewerf? -- Wie het?

Ja. -- Is dit ter sprake?

Ek vra vir u.

(10)

VOORSITTER: Die getuie wil weet of dit relevant is.

MNR. BERTELSMANN: Met respek, mnr. die Voorsitter, dit mag - afhangende van wat die antwoord is, mag dit baie relevant word.

VOORSITTER: Maar die vraag moet tog eers relevant wees voordat die antwoord relevant kan wees.

MNR. BERTELSMANN: Met respek, mnr. die Voorsitter, lidmaatskap van die BSB en wie wt in die BSB gedoen het is wel relevant.

(20)

VOORSITTER: Hoekom?

MNR. BERTELSMANN: Want ek wil vasstel wie betrokke was by die werkshandelinge waaroor die getuie kan getuig.

VOORSITTER: Kom ons vind nou eers wat is die diverse handeling waaroor die getuie kan getuig.

MNR. BERTELSMANN: Maar, mnr. die Voorsitter, met respek ek wil seker maak wie het hierdie getuie voorgelig oor die BSB en wat hy in die BSB moet doen.

VOORSITTER: Ja, maar dit is 'n verskil om te vra wie hom gewerf het en wie vir hom ook verduidelik het wat hy moet doen.

(30)

MNR. BERTELSMANN: Maar, mnr. die Voorsitter, dit mag een en

dieselfde/..

dieselfde persoon wees, dit mag iemand anders wees.

VOORSITTER: Vra vir hom die vraag wat u hom wil vra, wie hom voorgelig het.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. Du Plooy, u weet nou wat my vraag is, wie het u opgelei in die BSB?

VOORSITTER: U kan 'n administratiewe naam gee. -- Ja, ek is nou nie seker - dit is 'n persoon wat reeds dood is.

MNR. BERTELSMANN: Was dit 'n persoon wie se naam vantevore in die getuienis hier gemeld is? -- Dit is reg, ja.

(10)

Dieselfde persoon oor wie mnr. Botes getuig het? -- Ja.

En wat ek oorgedra het in die vorige kruisverhoor? - Hm.

So met ander woorde sy naam is reeds bekend, nie waar nie? -- Ja.

Verwys u na kolonel Meerholtz, Corrie Meerholtz? -- Ja.

Was dit as lid van BSB dat u deur hom opgelei is? -- Dit is reg.

En hy het vir u ingelig ten aansien van u normale werksaamhede, is dit reg? -- Dit is korrek.

Wat u pligte en funksies, ensovoorts, in BSB is? --
Korrek.

(20)

Nou, mnr. Du Plooy, u sê in paragraaf 2 van u beëdigde verklaring dat u van 'n sekere bron inligting verkry het met betrekking tot mnr. Mhlaba of mnr. Mhlaba, is dit reg? -- Dit is korrek.

Op die stadium toe u daardie inligting verkry het, was u bewus van die bestaan van mnr. Mhlaba? -- Op daardie stadium nie.

Waar was die bron wat vir u hierdie inligting gegee het?

Was hy in Suid-Afrika of was hy buite Suid-Afrika? --
Buitelands.

(30)

Met ander/..

Met ander woorde in die streek waarin u bedrywig was op daardie stadium. -- Dit is korrek.

Wat was die aard van die inligting wat aan u gegee is? -- Wel, basies wat hy vir my gegee het, is omtrent al die redes wat ek hierbo gegee het op die plan, dit is wat hy vir my gee.

Hy is 'n ANC-lid, hy beskik oor 'n geheime verbindingsmetode, hanteer koeriers, verskaf fondse en wapens aan lede binne Suid-Afrika en hy was betrokke by die UDF.

Nou, al hierdie inligting sê u kry u van hierdie een bron. -- Dit is reg. (10)

Hoe is dit aan u oorgedra? -- Mondelings.

Behalwe nou dat hierdie persoon vir u gesê het mnr. Mhlaba is 'n prokureur in Durban en hy is 'n senior lid in die ANC, het hy enigiets verder vir u gesê? -- Dit is moontlik. Ek kan nie onthou wat hy presies daardie tyd vir my gesê het nie.

Het hy vir u gesê wat die geheime verbindingsmetode met buitelandse lede sou wees? -- Ek weet. Hy het vir my gesê.

Watter inligting het hy vir u daaromtrent gegee? -- Dat hy boodskappe heen en weer stuur. (20)

Hoe? -- Is dit relevant?

Ja, dit is relevant.

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann, u weet ek het ernstige probleme, ek gaan dit nou nie met u opneem nie, oor in die geheel van die getuie se posisie, maar dit is nou iets anders. Ek sou verkies dat as - kom ons aanvaar, sou ek verkies dat hierdie inligting gegewe is ..

MNR. BERTELSMANN: Sonder enige verdere wete.

VOORSITTER: En dan werk ons van daar af. Ek bedoel, dit is al wat die getuie wil openbaar, dat hy het hierdie inligting gekry en dit is voldoende vir ons doeleindes tensy u my anders (30)

wil oorreed/..

wil oorreed. Soos dit hier staan bring dit ons al geweldig ver.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. Du Plooy ...

VOORSITTER: U sien, anders moet ek in camera-verrigtinge ingaan en ek het nie daarvoor lus nie.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Ek sal probeer om binne die raamwerk te bly, mnr. die Voorsitter. Nou, behalwe hierdie mondelinge mededeling, mnr. Du Plooy, is daar enige bewyse van die bewering aan u voorgelê? -- Nee, nee.

Nou, hierdie bron, was hy 'n buitelande? -- Dit is korrek.

(10)

Ek wil nie hê dat ons te ver op detail ingaan nie wat 'n in camera-verrigting is nie. Nou, ek aanvaar dat u, nadat u hierdie inligting gekry het, dit vir u of gememoriseer het of aangeteken het, is dit reg? -- Dit is korrek.

En u sê die redes wat vir u gegee is, is dieselfde redes wat u as redes vir eliminerings in u plan aangegee het, is dit reg? -- Dit is korrek. Dit is vir Botes gegee en hy het gesê ek moet dit aanvoer vir die redes.

(20)

Nee, maar dit is die redes waarvoor u beskik het toe u die eerste keer na mnr. Botes toe gegaan het, nie waar nie? - Ja.

Nou sê vir my, mnr. Du Plooy, daardie besondere redes, toe dit aan u oorgedra is, het volgens u beëdigde verklaring daartoe gelei dat u die persoon, mnr. Mhlaba, gemonitor het, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Met ander woorde jy het die inligting gekry en nou aanvaar ek dat jy toe jouself vergewis het van die feit dat mnr. Mhlaba inderdaad bestaan, is dit reg? -- Dit is korrek.

Het hierdie bron vir u gesê waar u mnr. Mhlaba in die hande sou kan kry? -- Hy het die adres gegee.

(30)

So, u het/..

So, u het 'n adres gehad? -- Hm.

Nou sê u in u beëdigde verklaring Mhlaba het finansies vir die ANC beheer en het daarbenewens wapens verkry vir ANC-lede binne die Republiek, is dit reg? -- Dit is korrek.

As deel van my normale werksaamhede as lid van Streek 2 het ek meer inligting in verband met die betrokke persoon ingewin. -- Dit is korrek.

So, met ander woorde ons weet dus dat u wat in Streek 2 werksaam was as normale deel van u werksaamhede vir mnr. Mhlaba uit eie beweging gemonitor het. Korrek? -- Ek het hom gemonitor omrede hy gewerk het van Durban af deur Swaziland na Mosambiek toe. (10)

Die stelling wat ek aan u maak, mnr. Du Plooy is heeltemal korrek. U het uit eie beweging vir mnr. Mhlaba gemonitor, korrek? -- En om die bron se waarheid te toets.

VOORSITTER: Ja-nee, maar kom ons - die punt wat die advokaat maak is die volgende. Hy sê vir u u het nie nodig gehad om magtiging te kry om mnr. Mhlaba te monitor nie. U het dit op u eie gedoen. -- Wel, die magtiging wat ek gekry het, het ek van Botes af gekry. (20)

Maar die vraag wat die advokaat aan u gestel het, is dat u het op u eie vir Mhlaba gemonitor sonder magtiging. -- Nie sonder Botes se magtiging nie.

MNR. BERTELSMANN: Maar, mnr. Du Plooy, hoe moet ons dan u beëdigde verklaring verstaan en u antwoord wat u so pas vir my gegee het? Kom ons kyk wat sê u in u beëdigde verklaring, paragraaf 2. "As deel van my normale werksaamhede as lid van Streek 2 het ek meer inligting in verband met die betrokke persoon ingewin", is dit reg? -- Dit is reg. Dink jy nie 'n mens moet nog steeds magtiging hê vir normale pligte? (30)

Mnr. Du Plooy/..

Mnr. Du Plooy, daarna gaan u aan, u sê die volgende: "Vir hierdie doel was dit vir my nodig om die betrokke persoon te monitor in die Durban gebied", is dit reg? -- Dit is reg.

"Ek het op 'n stadium verslag aan Botes gedoen in verband met my monitering van Mhlaba." -- Dit is korrek.

Waarop hy my opdrag gegee het om meer inligting aangaande die persoon en sy bedrywighede in te win". -- Dit is korrek.

Met ander woorde u het hom gemonitor voordat u met mnr. Botes in aanraking was? -- Dit is reg, omdat ek reeds in Durban was, het ek die persoon gemonitor. Vandat ek die bron gekry het, het ek 'n ander bron in Durban gesien en terwyl ek daar was, het ek die persoon - gekyk of hy daar is. (10)

En soos u sê dit was deel van u normale werksaamhede. -- Ja.

Met ander woorde dit was feitlik - as 'n mens dit in terme van die BSB kan stel in sulke alledaagse terme, dit was feitlik roetine wat u gedoen het. Korrek? -- Dit is korrek.

Dit was 'n roetine opvolg op inligting wat u in u werk in die buiteland gekry het, is dit reg? Korrek? -- Ja, dit is korrek. (20)

Nou weet ons u, terwyl u nou geaktiveer geraak het ten opsigte van mnr. Mhlaba, weet hy is 'n senior ANC-lid, hy beskik oor 'n geheime verbindingsmetode, hy hanteer koeriers vanaf Durban tot by Maputo en verskaf fondse aan militêre lede vir operasies en hy is betrokke by die UDF. -- Dit is korrek.

Goed, dit is die inligting wat u het. Nou begin u en u monitor vir mnr. Mhlaba. Wat het u gedoen? -- Ek het sy adres ook gekry.

Goed, u kry sy adres. Dit is seker beskikbaar in die telefoonboek, nie waar nie? -- Nee, ek het dit by die persoon (30)

gekry/..

gekry.

Het u dit gekontroleer teen die telefoonboek? -- Dit is moontlik, ja.

VOORSITTER: Wat die advokaat wil weet hierdie inligting het u nou by 'n persoon in Maputo gekry. -- Ja.

Nou sê hy nou gaan u Durban toe. Watter inligting het u in Durban gekry? Dit is wat die advokaat wil weet. -- Ek het na die gebou toe gegaan, ek het seker gemaak hy is binne die gebou, hy is wel gevestig daar ...

(10)

Nee, dit - kyk, hier is verskillende stadiums. Daar was die aanvanklike monitering volgens u verklaring. -- Ja.

Voordat Botes - hier volgens u verklaring het u hom op u eie gemonitor, stadium een. -- Ja.

Op stadium twee het u hom gemonitor in opdrag van Botes. -- Dit is korrek.

Stadium drie het u die verslag opgestel in opdrag van Botes, reg? -- Dit is korrek.

Nou ons praat nou as stadium een toe u hom nou gemonitor het voordat u na Botes toe is. Nou wil ons weet wat het u vasgestel in Durban. -- Wel, dit is wat ek - ek het vasgestel dat hy wel bestaan, die persoon, dat sy adres korrek was en ek het hom - as ek kan reg onthou, ek sal nie presies nou kan sê nie, het ek hom toe agtervolg.

(20)

Ja, maar ek dink wat ons eintlik wil weet is het u deur u eie monitering ten eerste vasgestel dat hy 'n senior ANC-lid is? -- Nee, dit is nie reg nie.

Het u dit nie vasgestel nie? -- Nee.

Het u deur u eie monitering vasgestel dat hy beskik oor geheime verbindingskanale na buitelandse .. -- Nee, dit is nie korrek nie.

(30)

Het u deur u/..

Het u deur u eie monitering vasgestel dat hy koeriers hanteer? -- Nee.

Het u uit u eie vasgestel dat hy fondse aan militêre lede vir operasies verskaf? -- Nee.

MNR. BERTELSMANN: Het u eie monitering vasgestel dat hy by die UDF betrokke is? -- Nee.

So, met ander woorde u monitering het op daardie stadium daaruit bestaan dat u vasgestel het dat hy 'n kantoor in 'n gebou in Durban het. -- Dit is korrek.

En u sê u het hom twee aande gevolg. -- Dit is korrek. (10)

Na sy huis toe of waarheen? -- Ja, waar hy gaan slaap het.

Nou, gewapen met daardie inligting gaan u toe na mnr. Botes toe, verstaan ek u korrek? -- Dit is korre.

En u sê toe vir mnr. Botes ek het 'n storie gehoor in Maputo of dan in Mosambiek êrens ten opsigte van mnr. Mhlaba, is dit reg? -- Dit is reg.

En volgens hierdie storie is mnr. Mhlaba 'n senior ANC-lid. -- Dit is korrek. (20)

En volgens hierdie storie beskik hy oor 'n geheime verbindingsmetode. -- Dit is korrek.

En hy hanteer koeriers. -- Dit is reg.

En hy verskaf fondse aan militêre lede vir operasies. -- Dit is reg.

En hy is betrokke by die UDF? -- Dit is reg.

En op sterkte van daardie storie wat u gehoor het sê mnr. Botes vir u dat u meer inligting ten opsigte van hierdie persoon moet inwin, is dit reg? -- Dit is reg.

Nou, watter verslag het u aan mnr. Botes gedoen aangaande u eie monitering? -- Dit is presies - ek het vir hom gesê dit (30)

was daardie/..

was daardie tyd bevestig dat die persoon wel bestaan en dat die adres - en dat ek hom twee aande agtervolg het.

Goed, nou watter inligting het mnr. Botes vir u gesê moes u nou ten aansien van mnr. Mhlaba inwin? -- Dit was - praat u nou van die tweede keer?

Ja, dit is nou nadat u verslag gedoen het aan mnr. Mhlaba, verskoning, mnr. die Voorsitter. -- Ja, al wat hy vir my gesê het gaan monitor die persoon, sien wat jy kan uitvind.

Op daardie stadium het u die inligting, hy is 'n senior ANC-lid, et cetera, die vyf punte wat u genoem het, nie waar nie? -- Dit is reg. (10)

Wat het u gedoen nadat u nou die opdrag van mnr. Botes gekry het? -- Wel, ek is Durban toe en die persoon verder gemonitor.

Nou, wat het u gedoen? -- Ek het die persoon probeer agtervolg.

U het hom probeer agtervolg? -- Hm.

Onsuksesvol? -- Onsuksesvol.

Hoeveel keer het u probeer om hom te agtervolg? -- Dit kan drie, vier dae gewees het, twee, drie, vier dae. (20)

En u het nie daarin geslaag om hom te volg tot waarheen hy gery het nie? -- Nee.

Om op sy stert te bly soos hulle in die "slang" uitdrukking sê, nie waar nie? -- Dit is reg.

Wat het u nog gedoen? -- Wel, dit is basies al wat ek gedoen het.

VOORSITTER: Maar wat het u uitgevind? -- Wat het ek uitgevind?

Ja. -- Is dat die persoon - ek het terug kom rapporteer dat ek die persoon onsuksesvol - as ek kan reg onthou het ek (30)

hom net/..

hom net die eerste aand, kon ek hom agtervolg het. Die res van die tye het ek gesien hy kom net nie uit die gebou uit nie en ek het vasgestel dat hy wel binnekant was, per telefoon, en dit is omtrent al wat ek uitgevind het.

MNR. BERTELSMANN: Maar dit is nie wat u netnou vir ons vertel het nie, mnr. Du Plooy. U het gesê u het hom drie, vier aande gevolg. -- Ek sê mos ek het hom probeer volg, agtervolg. Die eerste aand het ek hom agtervolg. Die ander kere het ek gesien hy bly net in die gebou.

(10)

U het vir ons gesê u het hom onsuksesvol agtervolg op daardie drie, vier aande. -- Ek het gesê die eerste aand het ek hom agtervolg ...

Nee, dit is nie wat u gesê het nie, mnr. Du Plooy.

Goed, nou sê u met ander woorde die verslag, na drie of vier dae is u toe onverrigte dinge terug Pretoria toe, verstaan ek u korrek? -- Korrek.

En u het vir mnr. Botes toe verslag gedoen dat u geen verdere inligting gekry het nie? -- Dit is reg.

Nou, mnr. Botes sê toe op sterkte van die suksesvolle verslag wat u vir hom lewer dat hierdie man geëlimineer moet word. -- Wel, hy het vir my die plan toe gesê. Dit is basies wat hy vir my gesê het.

(20)

Ja, dit is die stelling wat ek aan u maak, op sterkte van 'n hoorsêstorie wat u by iemand in Mosambiek opgetel het, sê mnr. Botes vir u hierdie mens moet geëlimineer word. -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Ek wil net hê u moet goed daaraan dink, het mnr. Botes vir u gesê dat Mhlaba geëlimineer moes word of het hy vir u gesê dat u moes 'n voorlegging maak vir oorweging van eliminasië? -- Wel, dit is wat hy - dit is basies om dit alles

(30)

neer te skryf/..

neer te skryf en vir hom al die inligting neer te skryf.

Nee, nee, maar u sien, ek het 'n probleem. Ek dink paragraaf 5 van u verklaring is in 'n sin teenstrydig. Aan die een kant sê u dat Botes het gesê dat Mhlaba moet geëlimineer word, maar dan is dit - die alternatief is dat 'n mens moet kyk of 'n eliminasië moontlik kan wees. Dit lyk vir my of dit half twee verskillende dinge is. Die een is meer kyk en maak 'n konkrete voorstel. Die ander is dit moet gedoen word. -- Wel, hy het 'n stelling gemaak, dat hy geëlimineer moes word en toe het hy vir my gesê ek moet die plan - kyk of wat hy vir my gegee het kan deurvoer. (10)

MNR. BERTELSMANN: Mnr. Du Plooy, terwyl ons nou by paragraaf 5 is van u beëdigde verklaring, weet ons nou uit u getuienis dat u niks meer van mnr. Mhlaba geweet het as die eerste dag wat u bron vir u gesê het dat mnr. Mhlaba 'n senior ANC-lid is, nie waar nie? -- Dit is reg.

Hoekom sê u in u verklaring in paragraaf 5 "Nadat ek meer inligting omtrent Mhlaba ingewin het en daaromtrent aan Botes verslag gedoen het"? -- Ja wel, dit is - wat ek die vorige - wat ek gesê het korrek. Ek het wel een of twee dinge meer opgetel die tweede keer. (20)

Mnr. Du Plooy, u het nou net vir ons gesê u het geen verdere inligting gehad behalwe die storie wat u in Mosambiek die eerste keer van u sogenaamde bron opgetel het nie. -- Dit is wat ek nou net gesê het, maar dit is verkeerd.

Hoekom sê u dan in u beëdigde verklaring dat u persoonlik meer inligting omtrent mnr. Mhlaba ingewin het? -- Ek het meer gekry.

Wat het u meer gekry? -- Dat hy - wat ek vir u gesê het. Wat was die inligting? -- Dat hy agtergebly het in sy (30)

gebou en/..

gebou en dat hy nie weer uitgekóm het nie. So, ek het die afleiding gemaak hy bly binnekant die gebou. Dit was miskien een van die redes dat ek dit geskryf het.

So, vir die doeleindes van om vas te stel of hierdie persoon geëlimineer moet word, want dit is die opdrag van mnr. Botes .. -- Nee, dit is nie so nie. Dit was nadat ek teruggekóm het. Ek het nie geweet die tweede keer toe ek gegaan het nie. Nadat hy teruggekóm het, het hy vir my dit gesê.

Goed, nou u maak die afleiding, as ek u reg verstaan, dat mnr. Mhlaba bly in die gebou. -- Dit is korrek. (10)

Nou, hoekom het u dan vir ons gesê nou net dat u hom gevolg het by die eerste monitering tot waar hy geslaap het. -- Ja, ek het dit gedoen. Dink jy 'n mens se roetine, verneem as jy 'n ANC-lid is, bly dieselfde? Jy weet seker jy kan nie net - iemand gaan optel dat jy koeriers rondstuur, wapens smokkel, wapens vir die ANC binnelands gee, so jy gaan nie normaal optree nie.

Nou, die bewering dat mnr. Mhlaba 'n senior lid of dan hoegenaamd 'n lid van die ANC is, het u op daardie stadium het in Mosambiek gehoor, nie waar nie? -- Ja. (20)

En u het maar niks, geen greintjie getuienis gehad om te bewys dat hy dit was nie, nie waar nie? -- Nee. Ek het nie gehad nie.

En u het ook nie in u monitering gekry nie? -- Dit is korrek.

Nou sê u met die addisionele belangrike stukkies inligting dat mnr. Mhlaba volgens u drie aande in die gebou geslaap het, gaan u terug na mnr. Botes toe. Korrek? -- Dit is korrek.

En hoe lank het u elkeen van daardie aande die gebou dopgehou? -- Dit is moeilik om vir u nou die presiese tyd te (30)

sê/..

sê.

Twee, drie ure? -- Dit kan tot 23h00 gewees het, 24h00.

En toe kom 'n prokureur 23h00 die aand nie uit sy kantoor uit nie en as gevolg van daardie feit konkludeer u, kom u tot die gevolgtrekking dat hy in sy gebou slaap? -- Al die ligte was af.

In sy kantoor? -- Korrek.

Nou goed, mnr. Du Plooy, nou kom u terug en sê hy slaap in sy kantoor, vir mnr. Botes, is dit reg? -- Nee, dit is 'n afleiding. (10)

En op sterkte van daardie afleiding sê u gee mnr. Botes vir u die opdrag of die mededeling dat mnr. Mhlaba geëlimineer moes word. -- Dit is reg.

K71 U reaksie daarop is wat? -- Wel, ek was verbaas gewees.

Waarom? -- Die eerste rede is dat BSB nie binnelands optree nie en om die rede dat van die inligting wat ek hom gegee het wat nie bewys is nie.

Het u vir hom gesê dit is nie bewys nie? -- Wel, hy weet presies. Ek het hom presies vertel wat gaan aan. (20)

Het u die punt dat u geen tasbare bewyse gehad het vir mnr. Botes geopper? -- Ek het dit presies vir hom vertel hoe dit gebeur het, so hy moes dit self kon dink die bewyse - daar is nie bewys nie.

Het u dit vir hom geopper? -- Ek kan nie nou onthou of ek dit geopper het nie.

Nee, volgens u verklaring het u net vir hom geopper dat u nie gemagtig is om binnelands mense te elimineer nie. -- Dit is reg, ja.

Nou, as u die opdrag van mnr. Botes gekry het om met die eliminاسie voort te gaan, sou u dit gedoen het? -- Ek sou dit nie/.. (30)

dit nie gedoen het nie.

Nou, as die opdrag van mnr. Verster gekom het? -- Dit is 'n bietjie moeilik om te sê.

Verskoning? -- Ek sê hy sou nie so 'n opdrag gegee het nie.

Kom ons veronderstel hy het vir u die opdrag gegee ..
VOORSITTER: Ek dink nie veronderstellings gaan my veel help nie, mnr. Bertelsmann. Die feit is, mnr. Du Plooy, die plan wat u opgestel het, is gedateer 4 Maart, reg? -- Dit is reg. (10)
U lê dit voor ongeveer 5 Maart. -- Dit is reg.

Die plan maak spesifiek voorsiening dat uself by die eliminerings betrokke sou wees. -- Dit is reg.

In die sin dat u die - op 'n indirekte wyse en dit stel as datum 13 Maart. -- Dit is reg.

Met ander woorde omtrent 'n week later. Nou, wat ek nie verstaan nie is as dit 'n aangeleentheid is waar u uself nie betrokke by sou stel nie, waarom het u 'n plan opgestel wat u as die mededader nomineer? -- Toe hy my die plan in betrekke gegee het, het hy gesê ek moet saam met die ander persoon gaan. (20)

Saam met Boy? -- Dit is reg.

Ja, maar dit is nou .. -- En dit is hoekom dit my nou ..

Maar ons is nou op die stadium toe Botes vir u gesê het om 'n plan op te stel. Reg? -- Dit is reg.

Toe dink u nou hierdie plan uit. Het u hierdie plan uitgedink? -- Nee, hy het dit vir my in breë trekke gegee soos wat ek dit daar neergeskryf het.

Wil u daarmee te kenne gee dat die gebruik van giftige lemmetjies nie u gedagte was nie? -- Nee. (30)
MNR. BERTELSMANN: Met ander woorde wat u vir ons agbare

voorsitter/..

voorsitter sê, mnr. Du Plooy, is dat u toe, nadat u nou hierdie inligting gekry het, opdrag kry dat uself met giftige lemmetjies hierdie mnr. Mhlaba moet elimineer, is dit reg? -- Dit is wat hy vir my gesê het.

Het hy vir u enigiets verder gesê behalwe die gifmetode? -- Hy het vir my gesê kry 'n alternatiewe plan.

Die alternatiewe plan moes uself vind? -- Hy het vir my gesê byvoorbeeld gebruik 'n vuurwapen met die alternatiewe plan.

(10)

Maar u het die keuse gehad van hoe u nou mnr. Mhlaba in die alternatief uit die wêreld wou help? -- Dit is reg, maar ek het sy plan gebruik.

U het sy plan gebruik. Nou, toe u nou begin op hierdie plan, hoeveel inligting het mnr. Botes vir u gegee ten aansien van die eliminerings wat u moes doen? -- Hy het vir my geen inligting gegee nie.

Behalwe die giftige lemmetjies? -- Praat u nou omtrent die persoon - watse inligting omtrent die persoon hy my gegee het.

(20)

Watse opdragte het hy vir u gegee ten opsigte van die verskillende stadiums van die eliminerings? -- Hy het vir my gesê maak 'n plan. Hy het vir my in breë trekke die plan uitgespel van die lemmetjies hy het vir my in breë trekke 'n plan uitgespel, 'n alternatiewe plan en hy het gesê skryf daarvolgens 'n plan en gee dit vir my terug.

Waar het u hierdie plan opgestel? -- Dit moes in Pretoria seker gewees het.

U kan nie onthou nie? -- Nee.

Die alternatiewe plan, waaruit het dit bestaan? -- Wel, ek kan nie presies onthou nie, maar ek dink dit was moontlik

(30)

dat hy/..

dat hy geskiet sou gewees het in sy kantoor.

Het u uself ook daar op die toneel geplaas? -- Nee wel, ek kan nie onthou nie. Soos wat ek sê ek kan nie presies die plan onthou nie, wat presies daar sou gebeur het nie.

U kan nie onthou of uself .. -- Nee, ek sou in die omgewing gewees het.

U sou in die omgewing gewees het? -- Dit is korrek.

Met ander woorde u sou 'n mededader gewees het. -- Dit is korrek.

U sou gehelp het om mnr. Mhlaba om die lewe te bring? -- (10)

Nee, ek sou nie. In die plan sou dit so gewees het, maar in werklikheid sou dit nie so gewees het nie.

Nadat u hierdie planne opgestel het, het u dit aan mnr. Botes terugoorhandig, is dit reg? -- Dit is korrek.

U sê daarna - het u enige verdere kontak met mnr. Botes gehad? -- Dit is reg.

Het hierdie plan ooit weer ter sprake gekom? -- Nee.

In u beëdigde verklaring sê u vir ons, mnr. Du Plooy, dat u getwyfel het of hierdie plan ooit goedgekeur sou word, is dit reg? -- Ja. (20)

Wie sou goedkeuring volgens u wete vir die eliminerings van 'n persoon soos mnr. Mhlaba kon gegee het? -- Dit weet ek nie.

U weet nie? -- Nee.

Mnr. Du Plooy, u hoef die vraag nie te antwoord as u nie wil nie, het u in enige eliminerings 'n rol gespeel in die buiteland? -- Ek wil nie daarop antwoord nie.

Van wie sou u verwag het om die magtigings vir 'n binnelandse eliminerings te kry? -- Daar sou nie so een gewees het nie. (30)

Mnr. Du Plooy/..

Mnr. Du Plooy, wie het normaalweg u opdragte vir u gegee?
-- Pieter Botes.

VOORSITTER: Weet u by wie hy magtiging - laat ek so sê het u
geweet dat Botes magtiging nodig het of kon hy vir u op-
dragte gee wat nie .. -- Ek weet hy moes magtiging gekry het,
maar ek weet nie by wie nie.

En as hy nou vir u sê u het magtiging, het u ooit geweet
wie die magtiging gegee het of het u maar net aanvaar dat hy
sê daar is magtiging? -- Wel, hy sou vir my 'n papier moes
gewys het, dat daar geteken is vir die magtiging. (10)

Wat die advokaat wil weet wie se naam het op daardie
papier verskyn wat gewys het dat daar geteken is vir die
magtiging? -- Wel, ek kan nie nou onthou - dit was lank terug
gewees, wie daar geteken het nie.

MNR. BERTELSMANN: Wie het daar geteken?

VOORSITTER: Hy sê hy kan nie onthou wie daar geteken het nie.
-- Nee, ek praat van wat jy nou gepraat het van magtigings. Ek
kan nie onthou wie dit was nie.

MNR. BERTELSMANN: As daar so 'n papier aan u getoon is, so 'n
dokument met die handtekening daarop .. -- Met my hand-
tekening? (20)

Nee, met die handtekening van die persoon wat magtiging
kan gee daarop. -- En dan?

Dan sou dit 'n behoorlike bevel gewees het, nie waar nie?
-- Nee, dit - ja.

Goed, en dan sou u dit uitgevoer het. -- Ek sou nie dit
uitgevoer het nie.

Want? -- Dit is 'n binnelandse taak.

U het geen invloed op die beleid van die BSB nie, nie
waar nie? -- Niemand sal vir my so 'n opdrag sommer so gee op
papier/.. (30)

papier en vir my sê doen dit binnelands nie.

Mnr. Du Plooy, u het geen invloed op die BSB se beleid nie, korrek? -- Dit is korrek.

En as BSB se beleid, soos dit aan u bekend was, verander het, wie sou vir u meegedeel het dat daardie beleid verander het? -- Pieter Botes.

Nou, as Pieter Botes vir u gesê het die beleid het nou verander, daar word binnelandse eliminاسies gedoen? -- Ek sou dit nie geglo het nie.

En as u 'n magtiging gekry het van die persoon wat die magtiging moes gegee het? -- Dit sou nie gewees het nie.

(10)

Maar u aanvaar dit? -- Ek aanvaar dit, want dit is nie reg nie. Dit sou nie so gewees het nie.

As u so 'n magtiging gekry het ...

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann, ek dink nie die getuie hoef op supposisies te antwoord nie.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Is u bewus van ..

VOORSITTER: Ons is nie besig met 'n karakterondersoek nie.

MNR. BERTELSMANN: Soos dit u behaag. Is u bewus daarvan, mnr. Du Plooy, dat die BSB inderdaad, volgens die getuienis voor hierdie kommissie, in 1989 binnelands aktief geword het? -- Nee, daar is - glad nie ...

(20)

U dra geen kennis daarvan nie? -- Nee.

VOORSITTER: Het u van Streek 6 geweet? -- Nee.

MNR. BERTELSMANN: Nie eers van die bestaan van Streek 6 nie? -- Nee.

Wanneer het u daarvan bewus geword? -- Hierso.

Sê vir my, mnr. Du Plooy, u het in u beëdigde verklaring die volgende gesê ten aansien van die inligting wat aan u verstrek is ten opsigte van mnr. Mhlaba, paragraaf 2:

(30)

"Volgens/..

"Volgens hierdie inligting het Mhlaba finansies vir die ANC beheer en het daarbenewens wapens verkry vir ANC-lede binne die Republiek van Suid-Afrika." -- Dit is reg.

Hoe is daardie wapens verkry? -- Hoe is hulle verkry?

Ja. -- Nee, ek weet nie presies nie, behalwe ek kan dink hoe dit gekry is.

Met ander woorde u het geen inligting gehad van hoe hierdie wapens verkry is nie? -- Nee. Dit is wat ek probeer uitvind het.

Sê vir my waarom - het vir ons gesê, nie waar nie, dat in BEWYSSTUK C35, dit is die plan .. -- Dit is? (10)

Dit is die plan wat u opgestel het, het u die redes vir eliminerings uiteengesit, korrek? -- Ja.

Kan u vir ons verduidelik waarom u in daardie redes vir eliminerings geen melding maak daarvan dat mnr. Mhlaba wapens aan ANC-lede verskaf nie?

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, ek dink die vraag kan misleidend wees. Ek sê nie dit word so bedoel nie, maar in die dokument word nie net redes vir eliminerings gegee nie, maar redes vir eliminerings van Mhlaba in kantoor. (20)

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, ek dink die vraag is heeltemal behoorlik. Die vraag is hoekom word daar geen melding gemaak in die redes vir eliminerings ...

VOORSITTER: Nee, maar ek het gedog u bedoel in die dokument. Word daar in die dokument dit as 'n rede gegee?

MNR. BERTELSMANN: Nee, dit word nie.

MNR. HATTINGH: Maar daar word ook nie redes vir eliminerings per se gegee nie. Daar word redes vir eliminerings in die kantoor gegee. (30)

MNR. BERTELSMANN: Nee, dit word begin met rede vir eliminerings

"Senior/..

"Senior ANC binnelands beskik oor geheime verbindingsmetode".

MNR. HATTINGH: Ek is jammer. Ek dag my geleerde vriend verwys na die latere gedeelte.

MNR. BERTELSMANN: Nee, nee, ek verwys na die redes vir eliminerings.

VOORSITTER: Nee, u sien wat die advokaat vir u stel is u sê nou in u beëdigde verklaring dat Mhlaba het wapens verskaf op wapens verkry vir ANC binne die Republiek. Hy sê dit blyk nie uit u voorlegging dat hy wapens verkry het nie. -- Ja.

Is dit reg? -- Dit is reg. Wel, dan het ek dit seker nie in die plan gesit nie, daardie redes ingesit nie. (10)

Maar die vraag is dit sou tog seker 'n belangriker rede wees as van hierdie redes wat u reeds gegee het. -- Dit is reg. Ek het wel daar gesit militêre rede vir operasies.

MNR. BERTELSMANN: Nee, nee, nee.

VOORSITTER: Verskaf fondse - nee, dit sê fondse. -- Ja.

Die advokaat sê u sê in u beëdigde verklaring hy kry wapens. -- Ja.

En u spraak geen sprook van wapens in u beëdigde verklaring nie. (20)

MNR. BERTELSMANN: Ag in die plan, verskoning.

VOORSITTER: In die plan. -- Ja-nee, dit is so.

Nou kan u dit verduidelik? -- Nee, ek kan nie.

MNR. BERTELSMANN: Maar, mnr. Du Plooy, u het vir ons by herhaling gesê vanoggend hierdie redes vir eliminerings was die inligting wat u omtrent mnr. Mhlaba gehad het, nie waar nie? Is dit reg? -- Dit is reg.

En dit was die redes waarom u hoegenaamd in mnr. Mhlaba begin belang stel het. Nie waar nie? -- Dit is reg. (30)

En u het geen verdere redes vir sy eliminerings gevind in

u monitering/..

u monitering van hom nie. -- Nee.

Korrek? -- Dit is korrek.

En mnr. Botes het geen ander redes gehad behalwe die vyf redes wat u uiteengesit het in die plan wat u later opgestel het. -- Dit is reg.

So, met ander woorde, mnr. Du Plooy, daar was op geen stadium hoegenaamd enige rede wat daarop gedui het of enige feit of enige mededeling dat mnr. Mhlaba wapens vir die ANC verskaf nie? -- Was, ek het dit vir hom genoem.

(10)

Mnr. Du Plooy, u het in u getuienis vanoggend by herhaling gesê hierdie vyf redes is die redes waarom u in mnr. Mhlaba begin belang stel het, korrek? -- Plus van die wapens. Dit is nie te sê alles wat ek weet van hom af is alles in hierdie plan nie. Ek het nie gesê sy ligte het 23h00 afgestaan nie.

Die redes waarom u begin het om daaraan te dink dat mnr. Mhlaba gemonitor word, het u in hierdie plan uiteengesit, nie waar nie? -- Ja, plus ek moes daar wapens bygeskryf het wat ek vergeet het seker, ek moes.

(20)

Ek stel dit aan u, mnr. Du Plooy, dat dit uit u eie getuienis duidelik is dat u op geen stadium enige inligting hoegenaamd gehad het dat mnr. Mhlaba wapens hanteer nie? -- Ek het dit gehad.

En dat hierdie stelling wat u hier in paragraaf 2 maak 'n nagedagte is, wat u agterna .. -- Dit is nie so nie.

VOORSITTER: Daardie inligting wat .. -- Ek kan jou nog iets ook sê wat ek ook nie hier genoem het eers nie, maar dit is nie nou ter sprake nie.

Nee, die vraag is - kan ek u net dit vra, die beweerde inligting oor die wapens, het u dit ook by dieselfde bron

(30)

gekry waar/..

gekry waar u die ander inligting gekry het? -- Dit is reg.

En u het dit ook nie bevestig nie? -- Dit is reg.

MNR. BERTELSMANN: Het u op enige stadium, nadat u hierdie mededeling van u bron gekry het, met die Suid-Afrikaanse Polisie in verbinding getree? -- Nee.

Waarom nie? -- Wie moes ek gekontak het? Vir minister Adriaan Vlok of ..

VOORSITTER: Die vraag is .. -- Nee, ek ..

Die vraag is - ek dink die teenvraag is ten dele 'n antwoord, maar dit is nie 'n antwoord nie, die advokaat wil weet is u heet nou inligting gekry mnr. Mhlaba pleeg dae van terrorisme. -- Ja. (10)

Wat hy vir u vra is hoekom het u nie polisie toe gegaan en vir hulle gesê hou hierdie man dop, hy pleeg dae van terrorisme? -- Dit sou nie my plig gewees het nie.

Hoekom nie? Dit is wat die advokaat wil weet. -- Ja.

MNR. BERTELSMANN: Dit sou nie my plig gewees het nie.

Wie se plig sou dit gewees het? -- Botes s'n.

Sou u belet gewees het om met die polisie in aanraking te kom? -- Wel, dit is nie normaal dat ek met die polisie gaan praat het nie. (20)

Was u belet om met die polisie in aanraking te kom? -- Niemand het my belet nie, maar dit was nie my plig gewees nie. Ek het dit nie as my plig gesien nie.

U was aktief in die buiteland, nie waar nie? -- Moontlik.

As mnr. Mhlaba nou op u pad gekom het in Mosambiek en u het hierdie inligting van u bron oor hom gehad, sou hy dan vir 'n elimineringskwalifiseer het? -- Ek glo nie.

U glo nie? -- Nie op hierdie inligting nie.

U glo nie? -- Nie op hierdie inligting nie. (30)

Maar met/..

Maar met 'n bietjie meer inligting? -- As ek dit kon bewys het, miskien.

Dan sou hy miskien gekwalifiseer het? -- Moontlik.

En as jy hom in Mosambiek in die hande gekry het dan kon jy hom daar geëlimineer het?

VOORSITTER: Dit is tog ver, mnr. Bertelsmann.

MNR. BERTELSMANN: Verskoning, mnr. die Voorsitter?

VOORSITTER: Ons beweeg ver weg.

MNR. BERTELSMANN: Is u steeds in diens van BSB? -- Is dit nodig om daarop te antwoord? (10)

Ek dink die vraag is heeltemal behoorlik.

VOORSITTER: Ja, u sê mos u - "ek is 'n lid". Dit staan in paragraaf 1 van die verklaring. -- Ek is 'n lid.

MNR. BERTELSMANN: Waar is u gestasioneer?

VOORSITTER: Is u nog - wat bedoel u met die vraag waar is hy gestasioneer?

MNR. BERTELSMANN: Is u op hierdie stadium - wel, ek wil vasstel wat hy op die oomblik doen. -- Op die oomblik doen ek niks nie. (20)

Word u betaal?

VOORSITTER: Ja, ek aanvaar so, mnr. Bertelsmann. -- Seker. Ek is nie seker nie.

MNR. BERTELSMANN: Was u van enige feite uit mnr. Mhlaba se geskiedenis bewus behalwe die feite wat in òf die plan òf u beëdigde verklaring uiteengesit is? -- Nee, ek was nie daarvan bewus voorheen nie.

Dankie, ek het geen verdere vrae nie.

MNR. BURGER: Ek het geen vrae, dankie.

_____ : As daar niemand anders is nie, het ek ook nie vrae nie, dankie. (30)

HERONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Daar is 'n aspek wat ek vergeet het om te dek. Mnr. Du Plooy, het u die monitering gedoen ingevolge een of ander projek wat 'n naam gehad het? -- Nee. Ek het - wel, ja, op die projek wat ek gewerk het, het ek dit volgens daardie projek gedoen, maar nie spesifiek daarso begin met 'n nuwe projek nie.

Weet u van projek (onhoorbaar, geraas oor mikrofoon). -- Nee.

Wat was die naam van u projek? -- Parker.

VOORSITTER: Is dit al u projekte? -- Ja, dit is die een waar ek op gewerk het. (10)

Is Parker Shane du Plooy se projekte? -- Ja-nee, nie spesifiek myne nie, maar ek het op daardie projek gewerk. Dit is waar ek my fondse gekry het.

MNR. McNALLY: Ja, ek wou u net vra u hotelonkoste en .. -- Dit is reg.

En reisonkoste, het dit alles gekom uit projek Parker? -- Dit is reg.

GEEN VERDERE VRAE

MNR. McNALLY: Die volgende getuie is mnr. Willem Petrus van Deventer. (20)

MNR. LEEUWNER: Mnr. die Voorsitter, ek het opdrag om te verskyn vir die getuie. Die getuie, mnr. Van Deventer, het ook besluit dat hy van senior advokaat gebruik wil maak. Daar is 'n senior advokaat aangestel, dit is mnr. Woudstra, wat vandag nie beskikbaar is nie omdat hy in 'n arbeidsappèl diens doen vir die staat as assessor. Hy sal Woensdag, 30 Mei, weer beskikbaar wees. My instruksies is dat ek moet vra vir 'n uitstel vir die aanbied van hierdie getuie se getuienis tot Woensdag, 30 Mei, sodat hy bygestaan kan word deur sy senior advokaat/.. (30)

advokaat.

VOORSITTER: Soos ek vir u vantevore gesê het, het ek meerdere probleme. Ek is Vrydag meegedeel dat mnr. Woudstra vir die volgende twee weke nie beskikbaar gaan wees nie en daarom is die reëlings getref. Aan die hand van wat ek weet wat die getuie gaan sê glo ek dat u heeltemal bekwaam genoeg is om sy sake te hanteer.

MNR. LEEUWNER: Soos dit u behaag, wat betref mnr. Woudstra se beskikbaarheid, het dit geblyk dat Kirk-Cohen R. vir die (10)
partye opdrag gegee het om sluitingsargumente Dinsdag te voer en daarom sou mnr. Woudstra dan Woensdag beskikbaar wees.

VOORSITTER: Nee, want Kirk-Cohen R. het vir my gesê die saak gaan twee weke duur. Dit het hy vir my Vrydag gesê.

MNR. LEEUWNER: Ek weet nie of daar intussen verwikkelinge gekom het nie, want hierdie inligting .. (onduidelik).

VOORSITTER: Maar die tweede probleem is dat mnr. Woudstra het opdrag gekry nadat mnr. Van Deventer gedagvaar is vir vandag en ek is bevrees die getuie moet kom getuig.

WILLEM PETRUS VAN DEVENTER v.o.e

(20)
MNR. McNALLY: Mnr. die Voorsitter, ek het 'n kort verklaring hier voor my, maar ek gaan dit nie inhandig nie, want dit is feitlik niksseggend nie. Ek sal dit net nou vir hom - 'n profiel van die getuie op rekord probeer bring.

Is u op 3 Mei 1958 te Edenburg, Oranje-Vrystaat gebore?

-- Dit is korrek.

Na Matriek in 1976 het u een jaar gaan studeer by die universiteit in Bloemfontein. -- Korrek.

En op 4 Januarie 1978 het u met u militêre dienspelig begin. -- Korrek.

Was dit by 1 Saaibataljon te Bloemfontein? -- Weer eens

(30)
korrek/..

korrek.

In die middel van 1979 is u gekeur vir spesiale magte. -- Dit is korrek.

Waar het u u aanvanklike opleiding in daardie rigting ontvang? -- Daar was verskeie plekke waar opleiding gedoen is.

Noem die sentra?-- Aanvanklik vanaf Durban.

Het u na daardie opleiding as 'n operateur gekwalifiseer? -- Dit is korrek.

Gedurende April 1980 is u na 4 verkenningsregiment oorgeplaas. -- Korrek. (10)

Waar was u standplaas dan? -- Te Langebaan aan die Weskus.

En het u daar gebly tot September 1980? -- Dit is korrek.

Op 14 September 1982 het u weer vir 'n tydperk van vyf jaar aangesluit by 4 verkenningsregiment. -- Korrek.

Ek sien in u verklaring sê u dat u amptelike diens beëindig is op 30 September 1983. Is dit die datum waarop u bedank het? -- Dit is die dag waarop my diens beëindig is, ja.

Is dit beëindig by wyse van bedanking? -- Nee. (20)

Wat was die rede? -- Ek is uit die weermag ontslaan.

Het u op 1 Oktober 1983 by die voorganger van BSB, dit is die organisasie met die naam Barnacle, begin werk? -- Dit is ook korrek.

Het u ooit vir BSB as sulks gewerk of het u nog altyd vir Barnacle gewerk? -- Ek het ook vir BSB gewerk.

Vanaf watter datum het u vir BSB begin werk? -- Dit is moeilik om 'n definitiewe geboortedatum te bepaal, maar ek aanvaar die datum as ongeveer einde September ek dink '86.

Hoe lank het u vir die BSB gewerk? -- Tot en met einde September '87. (30)

Wat het/..

Wat het einde September '87 gebeur? -- Ek het ophou werk vir hulle.

Het u bedank by hulle? -- Ek en Joe Verster het 'n uitval gehad en hulle het my nie meer betaal nie en ek het nie meer vir hulle gewerk nie.

Is dit korrek dat u van tyd tot tyd met die gereg gebots het? -- Ja, met tye.

Was die eerste keer in 1978 toe u skuldig bevind is in Bloemfontein aan die bestuur van 'n motorvoertuig sonder die eienaar se toestemming? -- Ek dink amper so. (10)

Het u daarvoor gevangenisstraf van ses maande opgeskort vir vyf jaar gekry? -- Ek dink amper so.

Die tweede keer was te Pretoria, volgens die gegewens tot my beskikking, was u skuldig bevind aan poging tot afpersing. -- Dit is ook korrek.

En is u daar beboet met R5 000 of een jaar gevangenisstraf plus 'n verdere twee jaar gevangenisstraf opgeskort vir vier jaar. -- Dit is ook korrek.

En dan laastens is dit korrek dat u op, ek dink dit is 26 Oktober verlede jaar, skuldig bevind was aan aanranding met die opset om ernstig te beseer. -- Dit is ook korrek, ja. (20)

Wie was die slagoffer in daardie aanranding? -- Dit was dan my gewese verloofde gewees.

U vonnis op daardie klag was nege maande gevangenisstraf, is dit korrek? -- Ek is nie seker daarvan nie, waarskynlik.

En is dit in sy geheel opgeskort vir vier jaar op voorwaardes onder andere dat u u moet onderwerp aan sielkundige terapie? -- Ja, dit is korrek.

Vir watter tydperk moes u u sodanig onderwerp? -- Ek is op hierdie stadium nie meer seker van die tydperk nie. (30)

Het u u/..

Het u u inderdaad onderwerp aan sulke terapie? -- Dit is ook korrek.

Is die betrokke sielkundige ene Johan Benade? -- Dit is ook korrek.

Hoe gereeld was u by hom na u skuldigbevinding op die aanrandingklag?-- Op 'n weeklikse grondslag.

Oor watter periode van tyd? -- Ek dink dit is drie of, ek dink drie maande. Ek is nie seker van die tydperk op hierdie stadium nie.

Vir watter probleem is u eintlik behandel? -- Ek het nie 'n idee nie. (10)

Het mnr. Benade nie sy verslag aan die hof voorgelees nie? -- Ja, dit sou in my afwesigheid gedoen gewees het. Dit sou dan gewees het in die tydperk wat ek in Londen was neem ek aan.

VOORSITTER: Wanneer is u Londen toe? -- Ek het gevlieg 11 April.

MNR. McNALLY: Wat was die doel van u besoek aan Londen? -- Ek wou myself in - kom ek stel dit so, ek het onveilig gevoel in die Republiek op daardie stadium. (20)

Deur wie het u gevoel dat u bedreig was? -- Nie deur iemand spesifiek nie. Ek dink wat ek dan as 'n bedreiging beskou het, is die gebeure rondom of die beweerde gebeure dan rondom Corrie Meerholtz se dood en moontlike inligting wat ek tot my beskikking gehad het, wat as 'n moontlike bedreiging vir die organisasie gesien kon word.

So, het u na Londen toe gegaan omdat u daar meer veiligheid sou geniet het? -- Dit was die veronderstelling gewees, ja. (30)

Volgens die Vrye Weekblad van 4 Mei vanjaar het u voor

u vertrek/..

u vertrek na Londen 'n regsverteenwoordiger aangestel wat u gehelp het om 'n gedetailleerde weergawe van u betrokkenheid by die BSB saam te stel. -- Dit is wat ek aan Jacques Pauw van die Vrye Weekblad gesê het.

Is dit die waarheid? -- Nee, dit is nie die waarheid nie.

Hoekom het u sulke leuens verkondig? -- Hoekom nie?

Daar is altyd 'n rede hoekom 'n mens 'n leuen vertel. -- Omrede dat indien die bedreiging werklik was en die organisasie bewus gemaak word van die bestaan van hierdie dokumentasie, ek myself in 'n veilige situasie sou geplaas het. (10)

VOORSITTER: Ja, maar nou praat u met hulle en u is nie veilig nie. -- Op daardie stadium was ek onveiliger dan gewees deur my identiteit 'n geheim te hou van die samelewing om my behalwe dan teenoor die organisasie.

MNR. McNALLY: Volgens dieselfde berig in die Vrye Weekblad het u ook teenoor mnr. Pauw gesê dat u oor dokumentasie en 'n bandopname beskik wat by verskeie plekke en mense gelaat is. -- Dit was in dieselfde kontek gewees as die vorige vraag wat u gevra het en die antwoord daarop sal presies dieselfde wees. (20)

Ook onwaar? -- Korrek.

Was daar nie 'n bandopname nie? -- Daar was 'n bandopname gemaak wat net spesifieke gebeure geïdentifiseer het. Die gebeure waaroor ek gevoel het my kennis vir my 'n gedreiging inhou.

Waar is die bandopname op hierdie stadium? -- Die ding is reeds vernietig.

En die dokumentasie wat in hierdie selfde sin genoem word as die bandopname? -- Alles is vernietig. Nadat ek teruggekom het, is alles vernietig. (30)

So, daar/..

So, daar het dokumentasie bestaan, maar dit is sedertdien vernietig? -- Dit is korrek.

Waaruit het hierdie dokumentasie bestaan? -- Die dokumentasie was net 'n skriftelike weergawe van die bandopname gewees.

Nou vertel vir die kommissaris, asseblief wat gebeur het nadat u in Londen aangekom het, wat daartoe gelei het dat u met Jacques Pauw gepraat het. Kyk, u het Londen toe gegaan om meer veilig te voel. -- Dit is korrek. In die proses het ek vir mnr. Bertelsmann ontmoet en dit het. (10)

Per toeval of .. -- Ja, per toevallig. Hy het toevallig in dieselfde hotel gebly waar ek tuis gegaan het. Toevallig is hy aan my voorgestel deur een van die persone wat ook in die hotel gebly het vir wie hy op 'n stadium opgetree het in die Republiek in 'n saak. As gevolg van die dilemma waarin ek myself bevind het, het ek by hom aangeklop vir raad, dit is hoekom ek met hom gepraat het.

VOORSITTER: En toe, watse raad het hy vir u gegee? -- Raad wat vir my op hierdie stadium onvanpas is. (20)

Watse raad het hy vir u gegee? -- Dat ek my nie self sal bloot maak of bloot stel aan enige vervolging nie.

Is dit die raad wat hy vir u gegee het? -- Korrek.

Het hy vir u gesê u moet met die kommissie gaan praat? - Hy het dit vir my gesê.

En toe wat het u gedoen? -- Ek het myself op daardie stadium as gevolg van die geskrewe waardering wat hy aan my oorhandig het rakende my posisie het ek myself bereidwillig verklaar om dan op 'n stadium met die kommissie te gesels.

Maar voordat u nou by die kommissie uitgekom het, wat het u gedoen? Terwyl u in Londen was. U sou tog daar met ons in (30)

verbinding getree/..

verbinding getree het, onthou u? -- Wat ek toe nie gedoen het nie.

Ja, maar wat het u toe gedoen? -- Ek het die situasie telefonies met mnr. Leeuwner bespreek en hy het my aan beveel om niks te doen alvorens en nie in sy geselskap is nie.

Maar voordat u met mnr. Leeuwner gepraat het, wat het u toe gedoen? Toe u gelyktydig - toe u nou met Jacques Pauw gepraat het, wat het u nog gedoen? Enige ander persmense gekontak? -- Ek het aanvanklik het ek met, ek dink, die Daily Telegraph het ek geskakel. (10)

Wou u u storie aan hulle verkoop? -- Korrek.

Aan wie nog wou u u storie verkoop? -- Ek is op 'n stadium aan 'n Billy voorgestel. Ek was nie bereid gewees om die res van die of met hom te praat oor detail nie.

Nee, al wat ek vra is aan wie het u nog probeer om u storie te verkoop? -- Volgens wat aan my genoem is deur Jacques Pauw was hierdie Billy - het hy 'n verbintenis met die ANC gehad.

MNR. McNALLY: Het u nie probeer om u storie aan die televisienetwerke te verkoop nie, CBC ... -- Daar is met mense geskakel, maar daar het niks gerealiseer nie. Daar is niks gedoen daarvoor nie. (20)

Het u gepoog om u storie aan hulle te verkoop? -- Ek het self niks - ek het nie met hulle geskakel nie, nee.

Wie het met hulle geskakel? -- Dit is vriende van my in Brussels wat met hulle geskakel het.

Is dit in u opdrag gedoen? -- Ja, 'n mens kan dit so beskou seker.

Het daardie pogings tot 'n nulletjie uitgeloop? -- Nog nie op hierdie stadium definitief nie. (30)

Maar ek het/..

Maar ek het verstaan dat u Londen toe was omdat u hier in Suid-Afrika bedreig gevoel het. Wat het daartoe gelei wat u laat besluit het om u storie te verkoop aan 'n koerant of 'n televisienetwerk? -- Ek moes heel waarskynlik as ek in die buiteland gaan bly het vir myself 'n vermoë geskep het om aan die lewe te bly.

Was dit u bedoeling om permanent in die buiteland te bly? -- Dit is voordat ek nadere kennis met Londen gemaak het, korrek.

VOORSITTER: Ja, ek dink 'n mens het meer as een storie nodig om te verkoop om daar te kan bly. (10)

MNR. McNALLY: Sou u in die storie wat u sou verkoop het besonderhede gegee het van u aktiwiteite binne die BSB en binne Barnacle? -- Op 'n stadium mag daar so 'n moontlikheid bestaan het, ja.

VOORSITTER: Watter ander storie het u gehad om te verkoop? -- 'n Storie kan seker op verskillende maniere oorgedra word.

Nee, maar watse ander feite kon u verkoop het behalwe u betrokkenheid by Barnacle en BSB? -- Daar mag feite gewees het wat ek nie op hierdie stadium bereid is om op in te gaan nie. (20)

Wat niks met BSB te doen het nie? -- Wat waarskynlik met BSB te doen gehad het.

Ja, maar die vraag van die advokaat is watter feite, behalwe BSB-feite kon u - het u gehad waarin die pers belang sou stel? -- Wel, op die oog af was daar niks gewees waarin hulle belang gestel het nie.

Wat u aan hulle probeer verkoop het. -- Dit sou dan gegaan het oor my betrokkenheid by die organisasie.

Maar dit is mos BSB-stories. -- Dit sou dan oor BSB gegaan het en heel waarskynlik ... (30)

Maar dit vat/..

Maar dit vat lank om by 'n eenvoudige antwoord uit te kom, is dit nie? -- Ek raak somtyds langdradig, ja.

Ja, u kan probeer om kortdradiger te raak. -- Ek sal probeer.

Dankie.

MNR. McNALLY: Mnr. Van Deventer, het u hierdie berig in die Vrye Weekblad van 4 Mei 1990 gelees? -- Ek het hom gelees en daar is verkeerde aanhalings gemaak.

Die opskrif lui soos volg: "Nog 'n BSB-man bieg oor moorde en terreur". Het u teenoor mnr. Jacques Pauw gebieg oor moorde of terreur of albei? -- Ek sal dit nie as bieg beskryf nie. (10)

Dit is die woord wat hier gebruik word. -- Ek is nie verantwoordelik vir sy skryfstyl nie.

VOORSITTER: Maar u sê u het nie teenoor hom gebieg nie. -- Ek het sommige voorvalle aan hom genoem.

Maar dit was nie bieg gewees nie. Was dit bieg of was dit nie bieg nie? -- Nee, ek het nie gebieg daaroor nie. As jy bieg voel jy skuldig oor iets. (20)

MNR. McNALLY: Voel u nie skuldig oor iets nie? -- Nee.

U voel nie skuldig oor iets nie, is dit reg? -- Oor baie ander goed waarskynlik, maar nie - daar is nie iets wat my op hierdie stadium uitermatig pla rondom die verwickelinge om ons nie.

So, wat u aanbetref het u u dan, terwyl u lid was van Barnacle en die BSB, uself nie skuldig gemaak aan enige misdaad nie? -- Die werk wat ek op daardie stadium gedoen het, was nie vir my as 'n - ek het dit nie as 'n misdaad gesien nie, nee. (30)

En sien u dit vandag nog in dieselfde lig? -- Ek kan dit

net in die/..

net in die lig sien waarin ek dit gesien het op daardie stadium.

So, u sal dan geen probleem hê om getuienis te gee oor die verskillende voorvalle nie? -- Ongelukkig op hierdie stadium het ek meer gedetailleerde inligting rakende my posisie verkry en ek is nie bereid om enigsins inligting ...

VOORSITTER: Ek is nie seker dat ek u antwoord verstaan as u sê u het meer gedetailleerde inligting oor u posisie gekry nie. Wat bedoel u daarmee? -- In die konsultasies Saterdag tussen advokaat Woudstra, adv. Leeuwner, die prokureurs en myself is dit vir my uitgewys en as gevolg van ... (10)

Laat ek probeer sê wat ek dink wat u miskien wil sê of behoort, wil u vir my sê dat hulle vir u uitgewys het dat van die feite uself mag inkrimineer? -- Dit is korrek.

En dat u van u reg op selfinkriminasie gebruik moet maak? -- Dit is korrek.

MNR. McNALLY: Maar u voel self nie skuldig aan enigiets nie, nê? -- Nee.

In elk geval kom ons kyk nou weer na die artikel in die Vrye Weekblad ... (20)

VOORSITTER: Ek wonder of ons dit na twee kan doen.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR MIDDAGETE.

DIE KOMMISSIE HERVAT OM 14H00.

PETRUS WILLEM VAN DEVENTER, nog steeds onder eed:

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Ek wil hierdie artikel in die Vrye Weekblad van 4 Mei verder met u behandel.

As 'n mens kyk na die eerste paragraaf van die artikel lui dit soos volg:

"LONDEN: 'n Gewese operasionele lid van die Burgerlike Samewerkings Buro (BSB) wat betrokke was by verskeie operasies binne en buite Suid-Afrika het dié week in Londen met Vrye Weekblad in verbinding getree en wil voor die Harms-kommissie getuig." (10)

Is dit korrek wat ek tot dusver gelees het? -- Soos ek reeds vroeër gesê het, ek het my op 'n stadium bereidwillig verklaar om voor die Kommissie te getuig, ja.

Wou u voor die Harms-kommissie getuig? Was u begerig om voor die Harms-kommissie te getuig? -- Ek het op 'n stadium, soos ek reeds gesê het, ek het geen beswaar daarteen gehad nie, ja. Ek sou vir u, u wil hê ek moet sê wou.

Daar is 'n verskil tussen 'n man wat begerig is om te getuig en 'n man wat nie beswaar het daarteen om te getuig nie? -- Ek het nie 'n beswaar gehad om te getuig nie. (20)

U was nie begerig om te getuig nie? -- Nee.

En dan lui die artikel verder:

"Willie van Deventer was tot en met 1987 'n lid van die BSB en kan getuienis oor die volgende voorvalle lewer:

*Die moord op dr. Fabian Ribeiro en sy vrou in Mamelodi in 1987.

Van Deventer sê hy was nie een van die moordenaars nie, maar kan getuig oor die beplanning van die moord wat deur lede of agente van die BSB gepleeg is." (30)

Wat/...

Wat kan u vir die Kommissaris vertel hiervan? -- Ek is jammer, ek is nie bereid om daarvoor te praat nie.

Is dit een van die aspekte waarvoor u op 'n stadium geen beswaar gehad het daarteen om oor te getuig? -- Ek het op 'n stadium nie beswaar daarteen gehad nie, voordat daar vir my uitgewys is dat ek myself aan vervolging kan blootstel. Dus huidiglik het ek beswaar om daarteen te praat.

Op daardie basis. Goed, die volgende dui die volgende insident aan ... (tussenbei)

VOORSITTER: Kan ek u net dit sê, my herinnering is dat dié dr. Ribeiro en sy eggenote in 1986 dood is en nie in 1987 nie. (10)

Weet u daarvan of nie? -- Dit is waarskynlik korrek.

MNR. McNALLY: Die volgende insident wat hier genoem word is die volgende:

"*Die moord op Peter Ntuli, 'n ANC-leier wat in Julie 1986 in 'n motorbom dood is.

Van Deventer kan getuig oor die beplanning en uitvoering van die moord. Hy kan getuig dat dit 'n operasie is waarby daar samewerking tussen die veiligheidspolisie en die BSB was." (20)

Nou, ek wil eerstens vir u vra is dit korrek dat u vir mnr. Pauw gesê het dat u kan getuig dat dit 'n operasie is waarby daar samewerking was tussen die veiligheidspolisie en die BSB? -- Ek mag dit dalk gesê het.

Het u? -- Ek is nie, ek is nie seker daarvan nie. Ek is jammer, ek kan nie daarvoor praat nie, want ek kan net daarvoor praat en dan gaan ek myself impliseer en ek is jammer ek doen dit nie.

Nee, ek vra net of dit korrek is wat hier aangehaal word of is die verslaggewing verkeerd? -- Ek sê weer ek mag dit (30)

gesê/...

gesê het.

Maar het u of het u nie? -- Ek sê ek mag dit gesê het.

VOORSITTER: Wat beteken dit, u mag dit gesê het? Beteken dit u kan nie onthou dat u dit gesê het nie? -- Ek is nie seker of ek dit gesê het nie.

U is nie seker of u dit gesê het nie? -- Ek is nie seker of ek dit gesê het nie.

MNR. McNALLY: Wat wil u vandag aan die Kommissaris sê ten opsigte van die moord op Peter Ntuli? -- Ek het niks te sê daaroor ook nie. (10)

Op die basis dat dit wat u sê moontlik vir u sal inkrimineer? -- Korrek.

VOORSITTER: Net een aspek. Ek het 'n bietjie probleme om te sien hoe dit u kan inkrimineer as u sê dat dit was 'n aangeleentheid waar die veiligheidspolisie by betrokke was. Was dit 'n aangeleentheid wat die veiligheidspolisie by betrokke was? -- Ek kan nie daarop ingaan nie. Dit is jammer.

MNR. McNALLY: Is Peter Ntuli in KwaNdebele vermoor? -- Dit is wat ek oor die nuus gehoor het. (20)

Is dit die enigste bron van u inligting daaroor? -- Dit is al wat ek weet op dié stadium.

So al wat u weet van Peter Ntuli se dood is dat hy in KwaNdebele gedood is en u het dit geleer as gevolg van 'n radioberig? -- Nee, van die televisie, dit was ... (tussenbei)

'n Televisieberig? -- Dit was oor die televisie gewees, ja.

VOORSITTER: Ja, maar dan verstaan ek nie u beroep op selfinkriminasie nie, as al wat u weet van sy dood is wat u oor die televisie gehoor het. -- Ek staan daarby. (30)

Maar staan u ook daarby dat al wat u van sy dood weet is

wat/...

wat u oor die televisie gehoor het? - Dit is korrek.

MNR. McNALLY: Maar dan kan u u nie beroep op reg tot stilsweye. -- Ek het gehoor hy is in 'n motorbomontploffing dood. Dit is wat ek oor die nuus gehoor het.

Volgens mnr. Jacques Pauw sê hy die volgende:

"Willie van Deventer was tot en met 1987 'n lid van die BSB en kan getuienis oor die volgende voorvalle lewer:"

En die een waarmee ons nou besig is:

"Is die moord op Peter Ntuli, 'n ANC-leier wat in Julie 1986 in 'n motorbom dood is." (10)

Wil u nou vir die Kommissaris vertel dat u hierdie belangrike getuienis kan gee dat u gehoor het oor die televisie dat hy dood is? -- Ek het gesê ek gaan nie getuienis daarvoor lewer nie.

VOORSITTER: Maar u het ook gesê dat dit is al wat u weet? -- Dit is korrek. Dit is al wat ek bereid is om te sê daarvoor.

Nee, u het gesê dat al wat u weet van sy dood is wat u oor die nuus gehoor het? -- Dit is korrek, dit is wat ek gesê het. (20)

Is dit die waarheid wat u gesê het? -- Dit is wat ek weet.

MNR. McNALLY: Is dit al wat u weet? -- Dit is wat ek weet.

Goed, dan praat u verder hierso oor Charles Sebe se ontsetting uit 'n tronk. So ons sal dit oorslaan en 'n paar voorvalle in Botswana wat ons ook sal oorslaan en dan kom u by die - dan kom Jacques Pauw by die volgende insident waaroor volgens hom u getuienis kan gee:

"Die BSB se betrokkenheid in Natal toe die weermag 'n eenheid spesiale soldate van Inkhata opgelei het. 'n Aanvanklike mag van 200 man is deur die weermag opgelei. (30)

Onder/...

Onder meer in die vervaardiging van tuisgemaakte wapens." Nou kan u getuienis hieroor gee? -- Nee, ek kan nie verantwoordelik gehou word vir die beriggewing daar nie. Sover my kennis strek was die BSB nooit betrokke by enigsins, by enige opleiding van Inkhata-lede nie.

Kan u enige getuienis gee van opleiding aan Inkhata-lede deur weermageenhede? -- Nee, ek kan nie getuienis gee daaroor nie, nee. Daar is, ek en Jacques het op 'n stadium oor opleiding gepraat en hy moes die twee goed deurmekaar gekry het. (10)
Ek het geen inligting oor Inkhata se opleiding nie.

Dan gaan mnr. Pauw voort in sy berig soos volg:
"Hy beskik oor die name van verskeie amptenare en soldate wat by die Inkhata-operasie betrokke was. Hy kan getuig dat van dié Inkhata-soldate steeds deur die weermag betaal word."

VOORSITTER: U skud u kop. U sê u het dit nie gesê nie? -- Ek stem nie daarmee saam nie.

MNR. McNALLY: Wat het u moontlik gesê wat tot hierdie berig aanleiding gegee het? -- Ek kan nie dink wat dit was wat aanleiding kon gegee het nie. (20)

Dan gaan die berig verder:
"Van Deventer vertel dat die BSB tot en met sy bedanking 'n spesiale plaas naby Pretoria gebruik het waarvandaan verskeie operasies beplan en uitgevoer is."
Het u dit gesê? -- Wel, ek het op 'n stadium van 'n plaas, gepraat ja. Ja, ek moes. Ek moes, ja.

So is hierdie passasie korrek? -- Dit is korrek.

Dan gaan u verder:
"Van Deventer kan getuig oor die nabetraging van minstens een operasie wat deur die Hoof van die Suid- (30)

Afrikaanse Weermag, generaal Jannie Geldenhuys op die
plaas bygewoon is."

Kan u daarvoor getuig? -- Hy was nie op die plaas gewees nie.
Ek was wel teenwoordig waar generaal Geldenhuys teenwoordig
was by 'n "debrief", ja.

Was dit by die nabetragting van minstens een operasie? --
Dit kan gewees het, ja.

Waaroor het dié operasie gegaan? -- Ek is nie nou seker
meer nie. Ek is nie op hierdie stadium, kan ek nie, ek gaan
in die lug moet gryp as ek nou 'n spesifieke operasie moet
uitwys.

Maar was u in staat op 4 Mei 1990 om daarvoor te getuig
waar u vandag niks meer daarvan kan onthou nie? -- Dit blyk so
te wees.

Dit blyk vreemd te wees.

"Van Deventer kan getuig oor gewese lede van die Rhodesiese
Veiligheidsmagte wat die afgelope jare op 'n kontrakbasis
vir die weermag werk en by verskeie operasies saam met
hom betrokke was."

Kan u daarvoor getuig? -- Ek het saam met gewese lede van die
Rhodesiese Weermag gewerk met tye, buitelandse operasies.

Was dit in die buiteland? -- Dit was in die buiteland
gewees.

Goed. Dan gaan u verder volgens Pauw:

"Onder hulle sorteer mense wat vandag van die mees gesoekte
misdadigers in Zimbabwe is en by verskeie moorde en
terreur in dié land betrokke was."

Is dit so? -- Dit is waarskynlik so. Ek is nie verantwoor-
delik vir wat op hierdie stadium in Zimbabwe aangaan nie. Ek
neem aan, ek is ook nie op hoogte met sake wie op hierdie

stadium/...

stadium op die hoogs of op die mees gesoekte lys is nie.

Maar het u hierdie inligting aan Jacques Pauw verskaf? -- Ek het verneem dat daar van die mense is wat gesoek word in Zimbabwe, ja.

Het u hierdie inligting aan Jacques Pauw verskaf, dit wat ek nou aan u gelees het? -- Lees net weer die paragraaf asseblief?

(10)

Seker.

"Onder hulle sorteer mense wat vandag van die mees gesoekte misdadigers in Zimbabwe is en by verskeie moorde en terreur in dié land betrokke was."

-- Ja, rofweg is dit korrek aangehaal.

"Hy kan getuig dat hy onder meer saam met hulle in operasies in buurstate betrokke was."

VOORSITTER: Ja, die getuie het gesê dit is reg. -- Buurstate is in die buiteland, korrek.

MNR. McNALLY: Goed, dan gaan die verslaggewing verder en dit sê: (20)

"Van Deventer bevind hom die afgelope twee weke in Londen. Hy het onder meer hierheen gekom om met regsverteenwoordigers by die Harms-kommissie te konsulteer." Is dit reg, want ek dink nie ...? -- Nee, dit is nie heeltemal korrek gewees nie. Ek het in die proses het ek met mense gesels.

Want u sê dit is blote toeval dat u met mnr. Bertelsmann gesels het in sy hotel in Londen? -- Korrek.

So is dit korrek dat u hoegenaamd nie Londen toe gegaan het om met regsverteenwoordigers by die Harms-kommissie te konsulteer nie? -- Ek het reeds vroeër gesê hoekom ek Londen (30)

toe gegaan het.

En/...

K72.0455

- 2061 -

VAN DEVENTER

En hierdie was nie een van die redes gewees nie? -- Dit was nie een van die redes gewees nie, nee.

So om op te som u kan of wil geen getuienis gee wat vir die Kommissie van hulp kan wees nie? -- Dit is 'n korrekte afleiding.

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter net op 'n ordereëling moet die ander geleerde vriende nie dalk eerste vra nie? Die rede hoekom ek dit vra ...? (10)

VOORSITTER: Ja-nee, ek dink, goed.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Tans het ek nie vrae aan die getuie nie. As hy dalk meer te sê het oor BSB onder kruisondervraging van my geleerde vriend, mnr. Bertelsmann, dan mag ek dalk versoek om my op 'n later stadium toe te laat.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BURGER: Dieselfde geld vir my mnr. die Voorsitter.

MNR. BERTELSMANN VERSOEK 'N KORT VERDAGING.

(20)

DIE KOMMISSIE VERDAAG. DIE KOMMISSIE HERVAT.

PETRUS WILLEM VAN DEVENTER, nog steeds onder eed:

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BERTELSMANN: Mag dit u behaag mnr. die Voorsitter. Ek het nog nie daarin geslaag om met mnr. Pauw in aanraking te kom nie, maar ek dink ek moet maar met die getuie so ver gaan as wat ons kan. Mnr. van Deventer ek loop nou die risiko dat my geleerde vriend, mnr. McNally, my gaan subpoena, maar baie kortliks, toe ons mekaar in die Armiston Hotel in Londen ontmoet het, het u vir my eers 'n hipotetiese probleem gestel nie waar nie? -- Korrek. (30)

En trouens toe u die eerste keer met my gesels het was ek onder die indruk dat u namens 'n derdeparty praat. Is dit

reg? -- Korrek.

U het my doelbewus onder daardie indruk gebring nie waar
nie/...

K72.0531

- 2062 -

VAN DEVENTER

nie? -- Korrek.

Op die hipotetiese feitestel soos u dit toe vir my
verstrek het, het ek, nadat ek met my opdraggewer gesels het
vir u baie kort advies gegee. Is dit reg? -- Korrek.

Handskriftelik en dit het eers 'n paar dae later toe met
verdere gesprekke geblyk dat u eintlik inderdaad self betrokke (10)
was by die verhaal wat u wou vertel. Is dit reg? -- Korrek.

En dit het toe ook verder geblyk dat u daarin belangge-
stel het om, soos u sê, vir u 'n nuwe lewensgrondslag, 'n nuwe
vermoë op te bou deur hierdie verhaal te verkoop. Is dit reg?
-- Korrek.

En die moontlikhede om hierdie verhaal in boekvorm uit te
gee en 'n uitgewer te vind wat bereid sou wees om 'n kwart
miljoen rand daarvoor te betaal is by verskeie geleenthede
bespreek. Is dit korrek? -- Dit is korrek.

Met my, met my geleerde junior, mnr. Luitingh, ook met my
opdraggewer, mev. Jacobson, nie waar nie? -- Korrek. (20)

Ek het spesifiek vir u na haar verwys omdat sy kontakte
in die uitgewersbedryf het, nie waar nie en sulke kliënte ver-
teenwoordig. Is dit reg? -- Dit is korrek.

En dit was ook die rede waarom ek u nou na Pauw verwys
het, omdat Jacques Pauw ook kontakte in daardie sfeer het, nie
waar nie? -- Dit is korrek.

En is dit verder korrek dat die deurlopende advies wat
ons vir u gegee het by herhaalde geleenthede was dat 'n
uitgewer slegs in u verhaal sou belangstel indien hy 'n (30)
waarborg gehad het dat die verhaal wat u vertel inderdaad die

waarheid is. Is dit reg? -- Dit is reg.

En dat ons deurlopend vir u geadviseer het dat die beste geleentheid om die waarheid van u verhaal onder bewys te plaas en/...

K72.0591

- 2063 -

VAN DEVENTER

en te bewys dat wat u sê inderdaad die waarheid is, is om voor hierdie agbare Kommissie te kom getuig? -- Dit is ook korrek.

En dat ons u aangeraai het en aanbeveel het om eers voor die Kommissie te kom getuig en daarna met uitgewers te gesels? (10)
-- Dit is reg.

Maar is dit ook verder korrek dat u in daardie opsig so 'n bietjie van 'n eie agenda gehad het en met mense gesels het terwyl u ook - met ander mense gesels het terwyl u met ons gepraat het? -- Uit die aard van die saak.

Is dit korrek dat u met Granada Televisie in aanraking was? -- Ek was nie persoonlik met hulle in aanraking gewees nie, nee.

VOORSITTER: Maar ek dink die advokaat bedoel direk of indirek? -- Daar is namens my met hulle kontak gemaak, ja. (20)

MNR. BERTELSMANN: En het u ook probeer om in aanraking te kom met Time Magazine? -- Nee, ek het nie probeer nie. Ek weet nie of mev. Jacobson met hulle geskakel het nie, ek weet nie.

Maar dit was een van die moontlikhede wat u oorweeg het? -- Dit is een van die alternatiewe gewees, ja.

En is dit ook korrek dat u, nadat u teruggekom het na Suid-Afrika, ook vir mnr. Pauw genoem het, ek dink so onlangs as laasweek dat u net wou kom getuig indien die onkoste wat u in Londen aangegaan het, betaal word? -- Ek wil net die woordspeling regkry. Ek het vir Jacques gesê dat op daardie stadium een van my prioriteite vir my was om my kostes verhaal te kry, korrek. (30)

Ek volg. Nou baie kortliks wat betref die artikel. Ek verstaan u antwoord ten opsigte van Peter Ntuli nog nie mooi nie. U twis nie daaroor dat u vir Jacques Pauw gesê het dat u oor die moord op Peter Ntuli kan getuig nie waar nie? -- Ek kan/...

K72.0656

- 2064 -

VAN DEVENTER

kan daaroor getuig, ek gaan nie daaroor getuig nie.

Goed, met ander woorde vir amptelike doeleindes, vir die doeleindes van hierdie Kommissie weet u ten opsigte van Peter Ntuli net dit wat u op die televisie gesien het, is dit eintlik wat u wil oordra? -- Vir amptelike doeleindes, ja. (10)

En vir soverre as wat u verdere kennis het, beroep u u op die reg teen self-inkriminasie? -- Dit is reg.

U het onder andere in hierdie artikel melding daarvan gemaak dat Inkhata se soldate deur die BSB opgelei is, is dit reg? -- Ek het nie die stelling gemaak nie.

Ja, u sê dit is verkeerd? -- Ek het nie gesê BSB het Inkhata opgelei nie.

Het u hoegenaamd melding gemaak van Inkhata-soldate wat deur die weermag opgelei word? -- Ek mag dit gedoen het, ja. (20)

U mag dit gedoen het? -- Ek mag dit gedoen het.

Ja, u mag dit ook teenoor my gedoen het, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Is dit korrek dat u, op die stadium toe u na Londen vertrek het, inderdaad 'n regsverteenvoordiger aangestel het? -- Dit is ook korrek.

In die berig van die Vrye Weekblad word melding gemaak daarvan dat u vir Jacques Pauw vertel het dat u glo dat die BSB bewus is van u huidige posisie en kontakte in Londen. "Sy" dit is nou u, "regsverteenvoordiger is dié week gedreig oor sy verbintenis met Van Deventer." Is dit reg? -- Dit is (30)

korrek.

Het u dit vir mnr. Pauw gesê? -- Dit het ek wel vir mnr. Pauw genoem.

Is daardie inligting die waarheid? -- Ek het vanaf mnr. Leeuwner gehoor dat hy 'n paar dae na my vertrek telefonies gekontak/...

K72.0711

- 2065 -

VAN DEVENTER

gekontak is en gewaarsku is dat sy verbintenis met my gevaarlik mag wees.

(10)

Is die bron wat daardie waarskuwing gerig het aan u geopenbaar, weet u wie dit was? -- Nee, ons het nie 'n idee nie.

Was dit die enigste waarskuwing wat mense, wat met u in aanraking was, gekry het? -- Mondelings, ja.

Mondelings, ja. Was daar ander waarskuwings? -- Daar het 'n snaakse voorval plaasgevind waar sy motor een oggend, wat die deur van oopgestaan het, wat vir ons almal onverklaarbaar is. Daar is niks uit die voertuig geneem nie en ek het dit as 'n moontlike waarskuwing beskou.

(20)

Ek sien. Bewys daarvan dat iemand probeer om u of die mense wat u help te intimideer? -- Dit is soos ek sê, ek het dit as 'n moontlike waarskuwing beskou.

U het ook melding gemaak van hierdie voorvalle teenoor mnr. Pauw. Is dit reg? -- Dit is korrek, ja. Ek het vir hom gesê van, ek het hom van die, van die telefoonoproep het ek vir hom gesê. Ek is nie seker of ek die motor genoem het nie.

Nou die kwessie van dokumentasie waaroor die BSB beskik het, van watter dokumente was u bewus, watter dokumentasie het by die BSB bestaan? -- Dokumentasie waaroor die BSB beskik het?

(30)

Ja. Het u geweet van projeklêers om mee te begin? -- Ek is bewus van die feit dat 'n projek 'n naam gehad het, dat daar teen die projeknaam fondse bekom is en uit die aard van die saak neem ek dan aan dat hierdie dokumentasie bewaar moes bly.

Was u bewus daarvan dat die persoon wat die fondse ontvang/...

K72.0773

- 2066 -

VAN DEVENTER

ontvang, of kom ek vra liewer so: Moes die persoon wat die fondse ontvang, ontvangserkenning op 'n kwitansie teken? -- Daar is na elke operasie is daar 'n verrekening gedoen. Aanvanklik is daar nie geteken vir die geld nie, nie sover ek weet nie. Later van tyd is daar wel geteken vir geld. (10)

VOORSITTER: Sê net vir my in watter hoedanigheid was u by BSB? -- Ek was 'n operateur gewees.

'n Operateur? -- Korrek.

Watter streek? -- Ons het op daardie stadium nie, werklik streekgebonde gewees nie.

Het julle nie streke gehad nie? -- Nee.

MNR. BERTELSMANN: Nou u het melding gemaak teenoor mnr. Pauw van BSB dokumente wat weggeraak het. Is dit reg? -- Dit is korrek. (20)

Watter dokumente het u in gedagte gehad? -- Ek het geen spesifieke dokumente in gedagte gehad nie. Dit het onder my aandag gekom weer eens via die pers dat daar wel dokumente verwyder is.

Was dit die enigste bron van u kennis? -- Dit was die enigste bron van my kennis gewees.

Ek sien. Nou volgens hierdie artikel het u in die tyd tot en met 1987 binnelands en buitelands vir die BSB opgetree. (30)

Is dit reg? -- Ek het so gesê in die artikel.

Is dit die waarheid? -- Ja.

Die kwessie van die organisasie van die BSB in verskillende streke is dit in u tyd reeds gedoen of is dit eers later gedoen? -- Daar is deurentyd was daar streke ter sprake gewees. As gevolg van die hoeveelheid mense wat betrokke was, was dit somtyds onmoontlik om streekgebonde te werk.

So/...

K72.0843

- 2067 -

VAN DEVENTER

(10)

So u het in verskillende streke gewerk?

VOORSITTER: Goed, ek dink, kom ons antwoord net die vraag, was daar streke in u tyd? -- Ja, kom ons bly daarby, daar was streke gewees, daar was.

Was u aan 'n streek toegewys gewees? -- Ja.

Wat was die streek se nommer gewees? -- My streek het nie 'n nommer gehad nie.

MNR. BERTELSMANN: Het hy 'n naam gehad? -- Dit was meer 'n gebied gewees.

Ek sien, watter gebied was dit? -- Ek het hoofsaaklik in Botswana gewerk. (20)

Het u in ander streke gaan uithelp as gevolg van mannekrag probleme wat ontstaan het? -- Met tye was dit nodig gewees, ook van die ander mense wat saam met ons gewerk het.

In watter streke het u uitgehulp? -- Ek het in Lesotho gewerk en ek het in Swaziland gewerk en in Botswana.

Het u geweet watter streeknommers van toepassing was? -- Nee.

Dit was nie 'n probleem nie, dit was nie ... ? -- Op 'n stadium was daar vyf streke ter sprake gewees. Ek is nie meer seker wat die konnotasies, spesifieke konnotasies was nie. (30)

Het u ooit van Streek 6 as sodanig gehoor? -- Nee, soos

ek sê op daardie stadium was ons beperk tot vyf streke gewees.

Ek volg. Die verwysing in die artikel na "internasionale boewe", is dit 'n term wat u teenoor mnr. Pauw gebruik het? -- Ja, dit is so.

Nou wat het u daarmee bedoel, wat het u mnr. Pauw in daardie verband vertel? -- Wat dit behels kortlik is, waar daar soos wat reeds voor die Kommissie genoem is van onbewuste mannekrag gebruik gemaak is om spesifieke take te verrig.

Nou/...

K72.0902

- 2068 -

(10)
VAN DEVENTER

Nou as u sê onbewuste mannekrag dan klink dit asof u, as u dit koppel aan "internasionale boewe" u praat van 'n, ek wil nie woorde in u mond lê nie, ek probeer net vasstel wat presies u in gedagte het, asof u praat van "internasionale misdadigers" mense wat wêreldwys hulle dienste as misdadigers verkoop, is dit wat u bedoel? -- Nee, die konnotasie gaan nie so wyd nie.

Wat bedoel u dan as u praat van "internasionale boewe" of wat beteken daardie term vir u? -- Dit is 'n benaming gewees wat gebruik is en dit is waar enigiemand wat gewerf is om werk vir die organisasie te doen sonder dat hy geweet het hy werk vir die BSB of die weermag. (20)

VOORSITTER: Word hy dan 'n "internasionale boef"? -- Dan, dit was 'n benaming gewees. Dit was sy omskrywende term gewees.

MNR. BERTELSMANN: Vir onbewuste lede binne Suid-Afrika of buite Suid-Afrika? -- Hulle is, op daardie stadium was hulle buitelandse, was hulle moontlik binnelands gewerf en ook met tye buitelandse gewerf, maar dit was 'n buitelandse operasie gewees.

Vir buitelandse operasies, ek volg en was dit dan mense wat as boewe beskou is of wat misdadigers was wat gewerf is om (30)

take te verrig, is dit wat u daarby bedoel? -- Dit is dalk persone met 'n behoefte gewees, met 'n finansiële tekortkoming in sy lewe.

Wat bereid was om ...? -- Werk of sekere take vir geld te verrig.

Terwyl u in Londen was, is u voorgestel ook deur ons aan mnr. Motala. Is dit korrek? -- Ek het soos die regering met die ANC gepraat.

En u is ook voorgestel aan mnr. Marais, De Wet Marais.

Is/...
(10)

K72.0974

- 2069 -

VAN DEVENTER

Is dit reg? -- Dit is korrek.

Nou mnr. Motala, dink ek, was nie die ANC gewees nie? -- O wag, wag dit is korrek ja. Dit was mnr. De Wet Marais en mnr. Motala gewees.

Achmed Motala nie waar nie? -- Dit is reg.

Nou u is aan hulle voorgestel en die suggestie is aan u gemaak dat u moontlik met hulle kan konsulteer nie waar nie? -- Dit is as 'n moontlikheid genoem, ja. (20)

Want uit die aard van die saak kon ons span nie vir u help nie? -- Dit is reg.

En u het 'n konsultasie met hulle gevoer. Is dit reg? -- Die doel daarvan was om 'n soortgelyke verklaring op te stel as wat huidiglik in die besit van mnr. Leeuwner is, ja.

Ek volg en daar is nie daarmee voortgegaan nie omdat u nie tevrede was om met daardie spesifieke span te werk nie, nie waar nie? -- Ek was nie bereid gewees om so 'n gedetailleerde verklaring te maak soos wat hulle wou hê van my nie.

U is bewus daarvan dat van daardie konsultasie wat u met hulle gevoer het 'n bandopname bestaan nie waar nie? -- Nee, ek is nie bewus daarvan nie. (30)

Het u beswaar daarteen dat daardie bandopname aan die Kommissie beskikbaar gestel word? Ek self het nog nie die kans gehad om daarna te luister nie, ek het eers vanmiddag daarvan bewus geword. -- Geen beswaar nie.

U het geen beswaar nie.

VOORSITTER: Het u beswaar?

MNR. LEEUWNER: Dit is natuurlik mits dit nou nie ...

(tussenbei)

VOORSITTER: Wel dit is 'n prokureur en kliënt mededeling.

Doen die kliënt afstand van sy privilegie of ... (tussenbei) (10)
MNR. LEEUWNER: /...

K72.1024

- 2070 -

VAN DEVENTER

MNR. LEEUWNER: Ek glo nie dat dit die idee van die kliënt is nie mnr. die Voorsitter. Hy sal steeds natuurlik van sy privilegie sou wou gebruik maak.

VOORSITTER: Ek weet nie - ek dink u moet miskien met u kliënt konsulteer om uit te vind of hy afstand doen van sy privilegie of nie?

MNR. BERTELSMANN: Mag ons dit miskien so reël mnr. die Voorsitter - ek sal probeer om 'n transkripsie van die bandopname te verkry en dan sal ek dit aan my geleerde vriend beskikbaar .. (tussenbei) (20)

VOORSITTER: Dit is 'n kwessie van beginsel. Ek dink nie u kan eers 'n afskrif daarvan in die hande kry nie. Ek dink dit sal onbehoorlik wees om dit vir u te gee.

MNR. BERTELSMANN: Dit is ook waar, maar ons sal dit moet vir my geleerde vriend gee. Miskien moet my geleerde vriend konsulteer en my laat weet en dan kan ons dit opvolg op daardie basis. (30)

VOORSITTER: Ja, dan kan julle dit mos maar inhandig as julle wil, as hy toestem.

MNR. BERTELSMANN: Die bewering dat die Weermag by Inkhata betrokke was, dra u persoonlik kennis daarvan? -- Ek kan dit nie ontken nie. Ek het wel sekere dinge gehoor, baie beperk.

U het dit gehoor, maar u was nie self betrokke daarby nie? -- Nee, ek was nooit self betrokke gewees nie.

Het ek reg verstaan dat al die dokumentasie wat u by u prokureur gehad het nou vernietig is? -- Soos ek reeds gesê het daar was geen werklike dokumentasie soos berig ...

(tussenbei)

U het 'n lys gehad toe u met mnr. Pauw gepraat het van al die voorvalle wat u vir hom genoem het, nie waar nie? -- Dit is/... (10)

K72.1089 - 2071 - VAN DEVENTER

is reg, dit is opgeskeur. Ek het die goed nie saam met my teruggebring nie.

Ek het geen verdere vrae nie, onderworpe daaraan dat ek nie geleentheid gehad het om nie alles met mnr. Pauw deur te gaan nie.

VOORSITTER: Ja, ek verstaan. Is daar enigiets wat hieruit voortvloei. (20)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Geen vrae.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BURGER: Net een aspek asseblief. U sê dat die storie oor Inkhata het u net van gehoor. As ek dit aan u stel dat die Suid-Afrikaanse Weermag nie soldate vir Inkhata beskikbaar stel en hulle nie betaal nie, dan kan u dit nie betwis nie? -- Ek het geen bewyse wat dit kan weerlê nie. Dit is korrek.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. LEEUWNER: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

MNR. McNALLY: Mnr. die Voorsitter, u sal onthou dat tydens Christo Brits se getuienis die naam van Derrick genoem was as (30)

'n persoon van wie 'n verklaring nog verkry sou word. Daardie verklaring is nou ter hand en ek wil dit inhandig as BEWYSSTUK C42. Ek sal dit vanmiddag aan Vlok Opnames gee en dit sal môreoggend dan beskikbaar wees vir diegene wat afskrifte daarvan verlang, maar in 'n neutedop neem dit die Kommissie se taak nie verder nie. Dit is my opsomming van die dokument. Dit is moontlik dat die ander partye 'n ander benadering sal hê.

MNR. BERTELSMANN: Ek het alreeds insae in die verklaring gehad. Ons was, dink ek, die party wat meeste in daardie getuie belanggestel het. Daardie verklaring bring niemand êrens nie. (10)

MNR. McNALLY:/...

K72.1176

- 2072 -

VAN DEVENTER

MNR. McNALLY: Die plan vorentoe is die volgende: My geleerde vriend, mnr. Bertelsmann, het versoek dat generaal Webb beskikbaar gestel word vir kruisondervraging en dit is gereël dat dit môreoggend 10h00 sal begin en dan Woensdag sal Calla Botha terug wees vir kruisondervraging deur mnr. Bertelsmann se junior, advokaat Luitingh en die program vorentoe dan daarna is dat ons nie Vrydag sal sit nie, maar dat vanaf Maandag, 4 Junie, ons sal teruggaan na die Nofemela-aspek en verskeie verklarings wat beskikbaar is, is te koop by Vlok Opnames. (20)

VOORSITTER: Ek wil net sê dat dit lyk aan die hand van inligting tans beskikbaar dat ons die Nofemela-getuienis en die beskikbare BSB-getuienis voor einde Junie sal afhandel. Dan is die huidige beplanning dat ons sal betoog aanhoor vanaf 1 Augustus, sodat almal hulleself gereed kan kry en ek dink omdat BSB die korter deel is, dink ek dat ons die eerste drie dae, van 1 tot 3 Augustus, die Woensdag tot die Vrydag (30)

spandeer aan BSB en dat ons die Maandag met die Nofemela-
seksie begin, want ek dink, maar dit is nou soos dit tans lyk,
dat ons eers hierdie twee gedeeltes afhandel en dan sal
verdere beplanning van daar af volg en ek dink dit sal net reg
wees as die advokate Juliemaand spandeer om skriftelike hoofde
voor te berei.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 29 MEI 1990.

---oOo---

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.